BELEIDSAGTERGROND

TOT DIE

A tot Z-BELEID

AANGAANDE PREDIKANTE

VAN DIE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

BELEIDSAGTERGROND

TOT DIE A tot Z-BELEID

VOORWOORD

Wanneer ’n kerk oor predikante nadink, is twee sake belangrik: aan die een kant is predikante kernbelangrik, maar aan die ander kant gaan dit nie oor hulle nie, want dit gaan oor God, sý wêreld en sý gemeente as sý verkore voertuig na die wêreld.

Die NG Kerk het gekies om holisties oor predikante na te dink en beleid te vorm. In hierdie beleid word gefokus op die ***kernbelangrikheid*** van predikante binne die groter waarheid van die missionêre verstaan van die kerk waarbinne predikante hulle bediening vervul. Die NG Kerk het uit die aard van die saak al baie oor predikante nagedink en baie besluite hieroor geneem. Belangrike besluite het in die *Kerkorde* en in reglemente neerslag gevind. Na die beste van die wete van die Taakgroep[1] wat aan hierdie beleid gewerk het, is daar nog nooit tevore probeer om in hierdie sin holisties te dink en beleid te skryf nie. Predikante as menslike hulpbron van God in sy gemeente was net te belangrik om dit langer uit te stel.

Hierdie beleid is 'n poging om aan die erns van die NG Kerk oor sy predikante uitdrukking te gee. Daarom handel die beleid oor die belangrike ***momente, stasies*** in die lewensketting van die predikant soos in hierdie beleid uitgespel.

In die beleid is uiteindelik gekies om voorlopig die naam “predikant” te behou - onder andere in die lig van die feit dat die *Kerkorde* reeds verskeie name vir hierdie beroepsgroep gebruik soos “leraar”, “evangeliedienaar”, “bedienaar van die Woord” en aanverwante begrippe wat ook in die kerk gebruik word. Daar is wye ooreenstemming dat dit nie die mees beskrywende naam vir hierdie bediening is nie. Die naam moet histories verstaan en waardeer word. Hierdie persone doen meer as preek. Die naam wat internasionaal die meeste gebruik word is dié van “pastor”. Waarskynlik is die mees aanduidende naam vir die tyd en behoeftes van die tyd dié van “publieke predikant”. Die eis van leierskap hierin is nie nuut nie, maar krities. Die aard van hierdie leierskap word in besonder deur die begrip “pastor” vertolk. Hierdie leierskap verskil van die van alle ander gelowiges in die gemeente daarin dat dit ’n bepaalde toegesegde publieke karakter dra.

Die doel van die beleid is om vir die voorsienbare tyd rigting te gee in die nadenke en hantering van hierdie kernbelangrike beroepsgroep.



[1] Die Algemene Sinode 2004 het die volgende persone aangewys om op die *A tot Z-Beleid* se*Taakgroep* te dien: prof M Nel (voorsitter), drr JH Bisschoff, PR du Toit, CJP Niemandt, MDJ Smith, GJ Cloete (gekoöpteer) en ds HJ Kleynhans (skriba).

HOOFSTUK 1

ONS GEREFORMEERDE AMPSBESKOUING/ -BEGRIP

AARD VAN DIE AMP VAN DIE PREDIKANT

1.1 VOORTSETTING VAN DIE DIENSWERK VAN JESUS.

Die ampsgedagte veronderstel steeds dat God uiters belangrike bedieningsverant-woordelikhede aan sy volk of kerk toevertrou het, waarvoor die ampte as bedieningskanaal moet dien. In die kerk van Jesus Christus is daar net een dienswerk, die dienswerk van Jesus Christus. Alle ander dienswerk is deelname aan die werk wat Christus deur sy Gees doen. Daarom sê die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens: "Van die begin af het die Here Jesus mense geroep om sy werk op aarde voort te sit".[2] Hoewel die woord amp en begrip "predikante-amp" mettertyd ingeburger geraak het in die woordeskat en begrip van die NG Kerk, is dit meer korrek om van **dienswerk** en **bediening** te praat.

1.2 GESTUUR NA WÊRELD – MISSIONÊRE KERKWEES

Die kerk se roeping is om opgeneem te word en deel te wees van God se sending na die wêreld. Die kerk se wesenlike roeping is dus om self gestuurde te wees. *It is abundantly clear from a study of all levels of the New Testament that these communities understood themselves to be sent out as representatives of Christ, as his Body, and thus to represent him in his self-giving love to the world.*[3] Die Algemene Sinode (2004) het reeds hierdie belangrike teologiese verskuiwing gemaak. Daar word van gestuurde gemeentes gepraat en die roeping en rol van die predikant kry ook 'n heel nuwe inkleding. Teologiese opleiding kry ook 'n nuwe gerigtheid. Die "teologie van die sending en die sending van die teologie" skuif weer in die sentrum.[4]

Die groeiende besef van die belang van missionêre kerkwees het ingrypende gevolge vir die verstaan en verruiming van die rol van ampte en in die besonder die rol van die predikant. Predikante word nie net opgelei om bestaande gemeentes in stand te hou nie, maar ook om as gestuurdes deel te neem aan God se sending na die wêreld. Die apostoliese karakter van die kerk en ook die taak van die predikant word sterk beklemtoon. Dit beteken onder meer dat die tradisionele verstaan van die bevoegdheid van 'n predikant wat slegs binne gemeentelike verband kan funksioneer nie langer gehandhaaf kan word nie, en dat die verlening van bevoegdheid om uitdrukking te gee aan die missionêre karakter van die kerk, wat kerkverband insluit, dringend noodsaaklik is.

In die verband beskryf die Church of Scotland die bediening van predikante as *...committed to mission. It is not simply concerned with the internal life of the Church. Rather it shows the world the possibility of transformation, of community and of unity within diversity*.[5]

[2] Agenda Algemene Sinode 1998, p. 217-221
[3] Guder, D: The Continuing Conversion of the Church p.186
[4] Agenda Algemene Sinode 2004 p.35-36
[5] Church of Scotland: Reports to the General Assembly 2000 p.17/22

Die Reformed Church in America praat van *The vision will be lived out ... by congregations focused for ministry – creative, confident, healing, and radically attentive to the world outside their doors. We will no longer do business as usual, nor our usual business.* (Wesley Granberg-Michaelson: Leadership from the Inside Out. Crossroad Publishing, New York. 2004. p.100-101)

1.3 BYBELSE BEGRONDING VAN DIE DIENS VAN DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD

1.3.1 Die amp of bediening van die bedienaar van die Woord groei uit die amp en roeping van alle gelowiges. Net soos al die ander kerklike dienste, is die Woordbediening 'n besondere toespitsing en gestaltegewing van die amp van die gelowige met die oog op spesifieke bedieningsbehoeftes in die kerk.

1.3.2 Die amp van die gelowige besit 'n dubbele karakter: Aan die een kant deel gelowiges ten volle en in alle opsigte in menswees en alles wat daarmee saamhang; aan die ander kant het God in Christus sy hand op hulle gelê en hulle geroep en afgesonder om sý mense in hierdie wêreld te wees. Hulle totale identiteit word voortaan daardeur bepaal dat hulle nou Gód se mense is, dat hulle nou “in Christus” is, dat Gód hulle deur sy Heilige Gees in sy diens gestel het om, soos ons gereformeerde tradisie dit so treffend stel, sy profete, priesters en konings in hierdie wêreld te wees. Met die indiensstelling van ampsdraers verklaar die gemeente dus dat hy glo dat God in en deur hierdie handeling mense afsonder om op 'n heel gefokusde wyse mee te werk aan die roeping van die hele kerk, en dat Hy hulle deur die Heilige Gees en die instrumente wat die Heilige Gees daartoe gebruik, op besondere wyse daartoe toegerus het. Daarom staan die ampte nie los van of teenoor die gemeente nie, maar in die hart van die kerk self. Die ampte vorm in besondere sin die enjinkamer van die kerk en as dit daar verkeerd loop, word die hele roeping en bestaan van die kerk bedreig. Dit is dus essensieel dat die gemeente en die kerk as geheel die ampte, en daarom ook die bediening van die predikant, voortdurend sal koester en noulettend daaroor sal waak. Omgekeerd is die ampte nie daar vir hulleself nie, maar om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en om die liggaam van Christus op te bou (Ef 4:12).

1.3.3 Die diens van bedienaar van die Woord soos ons dit vandag ken, kan nie direk na die Nuwe Testament teruggevoer word nie. Die apostels, profete, leraars, evangeliste en herders wat in Efesiërs 4:11 genoem word, het almal vorms van Woordbediening beoefen. In die amp van predikant, soos dit onder leiding van die Gees en volgens kerklike bedieningsbehoeftes deur baie eeue ontwikkel het en veral in die Protestantse tradisie beslag gekry het, vloei aspekte van verskillende Bybelse bedieninge ineen.

1.3.4 Die Nuwe Testament beskou alle gelowiges as geroepenes (Rom 1:6-7; 8:30 ens). Uit hierdie korps van geroepenes roep God egter ook sekere persone tot 'n besonder toegespitste bediening. Uit die Bybel weet ons onder meer van die roeping van Moses, Jesaja, Jeremia, die apostels en Paulus. Net so is dit noodsaaklik dat bedienaars van die Woord sal leef en werk in die besef dat God hulle vir hierdie taak geroep het. Daarsonder sal hulle nie die uitdagings, versoekings en hoë eise van die bediening kan hanteer nie.

1.3.5 Soos die amp van gelowige het ook die predikant se amp 'n dubbele karakter. As mens onder mense, is die predikant solidêr met alle aspekte van menswees en verstaan hy of sy die behoeftes, nood, vrese, versoekings, vreugdes van mense. Hulle besef in alle ootmoed dat die woord wat hulle spreek en die sakramente wat hulle bedien, allereers op hulleself van toepassing is. Maar as

afgesonderdes van God met 'n spesifieke opdrag om die Woord te bedien, is hulle terselfdertyd boodskappers van God wat met sý gesag optree. Daarom staan daar in 1 Petrus 4:11: “As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom” (vgl. 2 Kor 5:20). Hulle is “knegte met koningsgesag!” Wanneer iemand in God se Naam optree en sy boodskap oordra, word Christus in ŉ sekere sin self teenwoordig gestel. Vandaar Jesus se versekering aan sy dissipels: “Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het” (Mat 10:40). Hierdie gesag gaan egter nooit oor na die persoon van die predikant sodat hy of sy hulleself kan verhef en dink dat hulle iets besonders is nie. Dit bly die koningsgesag van Jesus Christus wat sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Hoe meer die boodskappers “wegraak” agter die boodskap en hoe belangriker en gesagvoller die Sender deurkom, hoe beter doen die boodskappers hulle werk. Die oortuigingskrag van hierdie bediening lê ook nie in imponerende retoriek of menslike wysheid nie, maar in die kragtige liefdesboodskap wat van Jesus die Gekruisigde uitgaan (1 Kor 1:17-2:5). Dit is nie allerlei kunstige tegnieke of indrukwekkende “bemarkingsfoefies” wat mense tot bekering lei, die geestelike lewe van gelowiges verdiep en die gemeente opbou en uitbou nie, maar alleen die innerlike dinamiek van die suiwer Skrifboodskap onder die werking van die Heilige Gees. Hierdie volgehoue fokus op God en sy Woord maak die spesifiek eie en wese van die Woordbediening uit en onderskei dit van alle ander beroepe. Daarom moet bedienaars van die Woord voortdurend waak om nie hierdie fokus prys te gee en hulle tyd en kragte aan sekondêre aktiwiteite te wy nie. Gemeentes, kommissies en sinodes moet ook noulettend toesien dat dit nie met bedienaars van die Woord gebeur nie.

1.3.6 Die amp van die predikant word nie gekenmerk deur posisie of belangrikheid nie, maar deur selfopofferende, dienende liefde. Jesus Christus het self hierdie voorbeeld gestel en verwag dit van sy ampsdraers (Mark 10:42-45; Joh 13:14; Filip 2:5-8). Dit blyk ook daaruit dat die tipiese Bybelse term vir die amp juis *diakonia* (diens) is. Daarom is geen predikant belangriker as 'n ander (een) nie, net soos geen gemeente meer besonders of belangriker as 'n ander gemeente is nie.

1.3.7 Onder die besef dat hulle met koningsgesag optree, mag bedienaars van die Woord nie die Woord bedien met 'n halfhartige, verskonende, ekskuus-dat-ek-leef houding nie (vgl. 2 Tim 1:8). Vir die Woordbediening word in die Nuwe Testament by voorkeur die Griekse woord *kerussein* gebruik. Dit gaan sentraal om die gesagvolle, vrymoedige aankondiging en verkondiging van die blye boodskap van God se genade en die omvattende beslag wat dit op ons lewe lê. Soos blyk uit talle Bybelse voorbeelde, is daar ook ruim plek vir onderrig (byvoorbeeld in verhalende, illustratiewe en dialogiese styl), bemoediging en aanspreek, maar dan nie ten koste van die verkondigingskarakter van die boodskap nie.

1.3.8 Vir die bogenoemde teenwoordigstelling van God deur sy Woord en sy Gees is dit noodsaaklik dat die predikant self in God se teenwoordigheid sal leef en hom/haar sal verdiep in die gebed en die studie van die Woord. In die Bybel vind ons God se ampsdraers, ook Jesus self, steeds weer besig met die Skrif en biddend op hulle knieë. Omdat woord en lewe nooit geskei mag word nie, moet die bedienaar verder deur sy/haar menswees en optrede rolmodelle wees van wat dit beteken om naby God te leef, Jesus Christus persoonlik te ken (Filip 3:8,10) en deur die Gees van God beheers te word (Gal 5:16). Die gemeente en die mense “daarbuite” moet deur die predikant se optrede iets van die teenwoordigheid van Christus ervaar. Deur hulle voorbeeldige lewe moet God verheerlik en die skindertonge en kritici beskaam word (Mat 5 :16 ; 1 Pet 2:12 ; 3:16). Daarteenoor waarsku die Nuwe Testament dikwels dat die nie-voorbeeldige lewe van Christene nie net die verkondiging van die Woord

ongedaan kan maak nie, maar selfs die goeie Naam van God in gedrang bring (1 Tim 6:1; Tit 2:5; vgl. Mat 5:13). As dít van gelowiges waar is, is dit sekerlik nog meer waar van die lewe van ampsdraers.

1.3.9 Die woord "dissipel" beteken leerling of student en dit is nie sonder rede dat Jesus sy volgelinge ter voorbereiding van hulle latere missie vir geruime tyd intensief onderrig het nie. Om die Woord in al sy bedieningsvorme met gesag en oortuiging te kan bedien, moet bedienaars van die Woord dus nie net deur God geroep wees tot hierdie diens en beskik oor die nodige gawes van die Gees nie; hulle moet ook deeglik opgelei word om die Woord van God suiwer uit te lê en binne die raamwerk van die kerklike belydenis effektief en eietyds oor te dra. Hulle moet ook steeds studente bly en hulleself voortdurend opnuut toerus en laat toerus vir hulle taak. Hierdie opleiding en voortgaande opleiding staan nie teenoor die gawes van die Gees nie, maar vorm deel van die toerusting deur die Gees en versterk en bou die geestesgawes verder uit. Dit sluit ook persoonlikheidsontwikkeling en lewenslange geestelike groei in. Die Pastorale Briewe byvoorbeeld beklemtoon die noodsaaklikheid van groei en selfdissipline in die persoonlike geloofslewe van evangeliedienaars baie sterk (vgl. veral 1 Tim 4:6-9,11-16; 6:11-14; 2 Tim 1:6-9,13-14; 2:15,22-24; 3:14-16).

1.3.10 Woordbedienaars pendel tussen God en die mense. Hulle bring nie net profeties God se boodskap na die mense toe nie, maar stel ook priesterlik hulle mense voor die aangesig van God. Vir Bybelfigure soos Moses, Samuel, Daniël, Nehemia en Paulus, maar veral ook Jesus Christus self, was die diens van voorbidding een van hulle belangrikste verantwoordelikhede. Bedienaars van die Woord is dus ook bedienaars van die gebed, en dit is hulle voorreg en plig om in hulle binnekamers, maar ook in die erediens, sowel as in die groot verskeidenheid van ander bedieningsituasies waarin hulle geplaas word, vir hulle mense, vir die gemeenskap, vir hulle land, vir die wêreld in te tree. Hulle priesterskap (ons kan ook praat van hulle pastorale verantwoordelikheid) kom verder daarin tot uiting dat hulle die geestelike en fisiese nood van mense raaksien soos Christus dit gedoen het, en hulle nie net ondersteun en bystaan nie, maar ook hulle gemeentes begelei om dieselfde priesterlike diens aan mekaar en aan alle noodlydendes te lewer. Hulle koninklike verantwoordelikheid tree nie net na vore in die gesag van Christus waarmee hulle optree nie, maar ook in die wyse waarop hulle mense lei, oproep en vermaan om as koninkryksburgers hulle lewe steeds meer gehoorsaam onder die gesag van God te stel – wat niks anders is as die heiligmaking waartoe God sy volk oproep nie.

1.3.11 Mense kom kerk toe omdat hulle ten diepste die behoefte aan 'n ontmoeting met die lewende God het – nie om op allerlei oppervlakkige maniere beïndruk, gemoraliseer of geamuseer te word nie. Deel van die predikant se taak as boodskapper van God deur wie God Self aan die woord moet kom, is om die liturgie, insluitend die woordverkondiging, die sakramentbediening en die gebede, so te behartig dat die gemeente daadwerklik sal beleef dat hulle voor God staan en in 'n tweegesprek met Hom verkeer. Hy is die heilige God wat aanbid moet word, maar ook die genadige en liefdevolle Vader vir sy huisgesin. Daarom moet die gemeente in die erediens gelei word om nie net die heilige teenwoordigheid van God nie, maar ook die warmte van hulle Vader se omarming en hulle onderlinge liefde vir mekaar te beleef – 'n belewenis wat moet uitstraal na alle fasette van hulle daaglikse lewe.

1.3.12 Predikante het die onvervreembare verantwoordelikheid om gemeentes te begelei, motiveer en mobiliseer om hulle koninkryksroeping teenoor die wêreld uit te voer (Mat 28:18; Joh 20:21). 'n Kerk wat net op homself gerig is en na binne toe leef, kwyn weg. God gee sy Gees nie aan stoepsitters en dagdromers

nie, maar aan dié wat bereid is om gehoorsaam te wees (Hand 5:32), met ander woorde hulle wat bereid is om hulle Godgegewe roeping met woord en voorbeeld, maar ook met konkrete betrokkenheid en dade van liefde en deernis uit te voer.

1.3.13 Omdat koninkrykswerk die taak van die hele kerk is, is medeverantwoordelikheid tussen gelowiges, leraars en gemeentes ononderhandelbaar. Die Bybelse beeld van die kerk as die liggaam van Christus beklemtoon dit op besondere manier. Daarom word gelowiges opgeroep om mekaar se laste te dra (Gal 6:2), mekaar te bemoedig en aan te spoor (Kol 1 :28 ; 1 Tess 5 :11,14 ; Heb 3 :13 ; 10 :25). Paulus versoek die gelowiges van Rome om in die gebed saam met hom vir sy missie na Jerusalem te stry (Rom 15:30-31); in die Efesebrief vra hy sy lesers om te bid dat hy die toepaslike woorde en die vrymoedigheid sal ontvang om die evangelie reg te verkondig (Ef 6:19-20). Gelowiges word opgeroep om dié wat onder hulle werk in liefde te erken, agting aan hulle te bewys, hulle voorbeeld na te volg en hulle te gehoorsaam (1 Tess 5:12-13 ; Heb 13 :7,17). Op hulle beurt dra die ampsdraers 'n sware verantwoordelikheid teenoor die gemeente (Hand 20:28; 2 Kor 11:28). Kollegiale samewerking en wedersydse erkenning tussen evangeliedienaars is ook noodsaaklik. Al is Paulus 'n apostel, vermeld hy telkens sy medewerkers as medeskrywers (1 Kor 1:1; 2 Kor 2:1 ens). Hy verwys met waardering na die werk van Apollos (1 Kor 3:6; vgl. 16:12) ten spyte van diegene in die Korintiese gemeente wat hulle teen mekaar probeer afspeel (1 Kor 1:10-4:21). Evangeliedienaars moet dus ook pastorale verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. Die Pastorale Briewe is 'n uitstekende voorbeeld van sodanige "sielesorg aan 'n sielesorger". Timoteus word aangespoor om voortdurend aandag aan sy geloofslewe te gee; om sy genadegawe nie te verwaarloos nie; om die Woord gesagvol, onbevrees, suiwer en met 'n goeie gewete te bedien; om deur woord en gedrag vir almal 'n voorbeeld te wees; om al sy kragte in te span; om so toegewyd en getrou te werk dat hy hom nie voor God sal hoef te skaam nie (1 Tim 1:18-19; 4:6-16; 6:11-14; 2 Tim 1:8-14; 2:15; 3:14-16; 4:2; vgl. ook Tit 2:14; 3:8).

1.4 BEDIENING VAN DIE PREDIKANT: ARTIKEL 9

Die predikant se dienswerk word in Artikel 9 van die *Kerkorde* 2004***** omskryf as:

"Artikel 9

Die amp of bediening van die bedienaar van die Woord is gerig op die Woordbediening in sy verskillende gestaltes en omvat:

9.1 die prediking;

9.2 die bediening van die sakramente;

9.3 die diens van gebede;

9.4 die leiding van die eredienste;

9.5 die kerklike onderrig, in samewerking met die ander ampte en die gelowiges;

9.6 die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek, saam met die kerkraadslede;

9.7 die ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God;

9.8 die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderlinge en diakens;

9.9 die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die opsig en tug oor die

gemeente;

9.10 die gee van leiding aan kerkraads- en ander kerkvergaderinge.

9.11 verantwoordelikhede ten opsigte van die kerkverband."

Die dienswerk fokus op die bediening van die Woord en die sakramente en word verruim met die beskrywing van die verskillende gestaltes van sodanige dienswerk. Hierdie dienswerk is 'n gawe van die Gees aan die kerk van Christus[6]. In die ondersoek na 'n Nuwe-Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die NG Kerk word gesê: "In die geval van die bedienaar van die Woord word dikwels geoordeel dat hierdie amp te omvattend geword het. Hier moet natuurlik onderskei word tussen die teorie van die Woordbediening soos dit in die ampsformulier en beroepsbrief geformuleer word, en wat in die praktyk daarvan geword het. Tog mag dit nodig wees om die spektrum van hierdie amp en sy sinvolle funksionering te heroorweeg met besondere inagneming van sy fokus op die Woordbediening."[7]

Gereformeerde kerke hou baie sterk vas aan die koppeling van Woord- en sakramentbediening.[8] Tereg beskryf die Church of Scotland die predikantskap as *The ministry of Word and Sacrament*.[9] So ook verwys die Presbyterian Church in the USA na *Ministry of Word and Sacrament.*[10]

1.5 TOERUSTING VAN DIE GEMEENTE

Die predikant is een van God se "gawes" aan die gemeente om die gemeente en die lidmate toe te rus vir hulle bediening. In aansluiting by die "Woord en sakrament"-karakter waarna reeds verwys is, is toerusting 'n tweede fokuspunt van die predikantsbediening. Predikante is geroep om die gemeente tot hulle bediening te lei en te bemagtig. Die bediening van "Woord en sakramente" is in die eerste plek die gemeente se bediening, net soos wat die erediens die gemeente se erediens is.

* Let daarop dat Artikel 9 in die *Kerkorde* 2007 herformuleer is.

[6] Vergelyk die Formulier vir die bevestiging van Bedienaars van die Woord.

[7] Agenda Algemene Sinode 1998. p. 217-221

[8] Vgl. bv. Vraag en antwoord 67 van die Heidelbergse Kategismus; Artikel 30,33 van die NGB

[9] Vgl. Church of Scotland: Reports to the General Assembly 2000 p.17/7

[10] Preparation for Ministry in the Presbyterian Church (USA) - Manual. p. 20

HOOFSTUK 2

ROEPING

2.1 INLEIDEND

Binne die gereformeerde tradisie staan en val die lewe van ’n navolger van Christus met ons verstaan van roeping. Christene bely dat hulle tot navolging van Christus geroep is. Dit op sigself gryp terug op die roeping of opdrag van die mens se skepping as verteenwoordiger van God op aarde. Wat ons in navolging van Christus leer, is hoe hierdie verteenwoordiging binne ’n gebroke wêreld gestalte kry.

Elke mens is in hierdie opsig, kragtens ons geskapenheid as mense, geroep. Juis hierin leer ons dat roeping en taak of opdrag direk met mekaar in verband staan. Die versorging van en toesig oor die skepping is aan die geroepe mens toevertrou. Die soek van en ywer vir die Koninkryk van God sluit direk hierby aan.

Die kerk handhaaf hierdie geroepenheid van die mens en moet langs die weg van gesonde reformasie gelowiges hiertoe begelei en teenoor alle mense hiervan getuig.

2.2 BESONDERE ROEPING

2.2.1 Roeping is besonders

Die Skrif is vol getuienis dat God uit mense (met hulle onvervreembare primêre roeping) ook mense tot besondere take roep. Hierdie waarheid word in die *Kerkorde* en belydenisskrifte en bevestigingsformuliere erken en bely.

Daar is geen hiërargie in die belangrikheid van die roeping van mense tot besondere take nie. Dat God tot ’n bepaalde diens roep, ’n bepaalde opdrag gee, is vir alle mense ewe belangrik. As gelowiges is die verskil tussen ons en ander mense met sodanige roepings, die feit dat ons deur geskenkte insig bely dat dit God is wat roep en die taak gee. “Ongelowiges” erken dit nie en dit maak gewoonlik nie deel uit van hulle insig en woordeskat nie. Gelowiges erken dat dit ook in die geval van ongelowiges (wat in belang van die primêre roeping/taak van die mens besig is) God is wat roep en opdragte gee.

Die “roeping tot die bediening” moet teen hierdie agtergrond gesien word. Die onderskeid lê nie in ons “roeping tot die bediening” nie. In beginsel is alle roepings ’n roeping tot betrokkenheid by die saak van God, in die Naam van God – en juis dit is ’n bediening. Wat die “dominee” onderskei is nie eens sy “voltydse karakter” nie. Alle mense is voltyds by die primêre roeping betrokke. Alle beroepe (wat in beginsel roeping tot ’n spesifieke betrokkenheid is) is ook voltyds besig. Wat by gelowiges anders is (bykom), is die geloofsinsig dat wat ons doen “vir die Here” is (Kol 3:23). Ons “sê en doen” “in die Naam van Christus en dank God die Vader deur Hom” (Kol 3:17).

Wat wel anders is in die roeping van ’n predikant is die goedkeuring en legitimering van die geloofsgemeenskap dat hierdie persoon ’n spesifieke taak in die publieke ruimte van die betrokke geloofsgemeenskap vervul. Die bepaalde kerklike (teologiese) verband en uiteindelik die gemeente binne daardie verband gee legitieme status aan die vervulling van hierdie spesifieke taak (pastorale leierskap) binne die breër geloofsgemeenskap.[11]

[11]Vir ‘n meer volledige bespreking van die name vir hierdie beroep vgl Nel, M. 2004.

It all begins with a heart burst. If your heart does not burst for somebody, then there is no call in it to pursue. And the hearts do not burst for institutions, or programs, or tasks. Hearts burst for people: flesh and blood, hurt and happy, culturally embedded people. The problem with traditional pastors educated for church leadership today is that they love the church but hate people - or are at least indifferent to the people... (Thomas Bandy, 2004: Mission Mover-Beyond Education for Church Leadership, Abingdon, Nashville, p.35). Miskien is dit wat die Reformed Church in America bedoel as hulle droom van *laity and pastors, unleashed, hungry for ministry...* (Wesley Granberg-Michaelson: Leadership from the Inside Out. Crossroad Publishing, New York. 2004. p.100-101).

2.2.2 Die besondersheid van roeping

Teologies kenmerkend en onderskeidend van ’n roeping tot ’n besondere taak is minstens die onderstaande:

2.2.2.1 ’n Opvallende ontmoeting van God met die persoon vir wie Hy tot ’n besondere taak roep. Hierdie ontmoeting lei dikwels tot ’n onmiddellike verandering van koers in die lewe van die betrokkene tot op daardie stadium. In meer as een geval gaan hierdie ontmoeting gepaard met ’n gesprek waarin onbekwaamheid, onwilligheid, vrees en ander emosies en argumente genoem word.

2.2.2.2 Hoewel die Bybelse verhale van roeping gewoonlik ’n direkte (onbemiddelde) ontmoeting met God voorhou, is dit ook duidelik dat God mense inskakel in die deurgee van die roeping. Dit is veral waar ons verstaan van die werk van die Heilige Gees.

2.2.2.3 ’n Duidelike opdrag van wat die roeping inhou.

2.2.2.4 ’n Versekering van die hulp van God in die uitvoering van die opdrag.

2.2.2.5 ’n Herhaling of herhalings van die ontmoeting en bevestiging van die roeping of opdrag.

2.2.2.6 ’n Erkenning van die persone in wie se belang die roeping of opdrag plaasgevind het, dat hulle die roeping erken. Hierdie “erkenning” is soms ook negatief van aard.

2.2.2.7 In die geval van die roeping van ’n predikant gaan hiermee saam die vestiging van ’n bewussyn van sy/haar geskenktheid aan die geloofsgemeenskap aan die een kant en ’n bewussyn van die belangrikheid van die geloofsgemeenskap aan die ander kant.

2.2.2.8 ’n Voortdurende herinnering aan die verantwoordelikheid van die draers van die funksie waarvoor hulle geskenk is. Roeping verplig tot aanspreeklikheid (*accountability*).

2.3 ONDERHOUDING VAN ROEPING

2.3.1 Geroepenes onderhou die nabyheidsverhouding met die Een wat roep en met diegene ten opsigte van wie die roeping of opdrag is.

2.3.2 Ander geroepenes neem aktief deel aan die onderhouding van die roeping en selfs aan die verstellings van die verstaan van die roeping.

2.3.3 Die korporatiewe verstaan van roeping in die gereformeerde tradisie verplig die geroepene en die verband waarbinne die roeping vervul word tot wedersydse medeverantwoordelikheid in die onderhouding van die roeping.

2.3.4 Dit impliseer dat die verbondsgesin, die basiese geloofsgemeenskap waarbinne die roeping plaasgevind het, die ring, sinode en algemene sinode in oorleg met

die geroepene verantwoordelik is vir die onderhouding van die roeping en begeleiding van die geroepene.

2.3.5 Die ring voer, binne die beleid vir mentoraat en predikantebegeleiding, op ’n gereelde basis gesprekke oor die verstaan van roeping en die onderhouding daarvan met elke geroepene. Langs hierdie weg word vroegtydig ’n verlies aan roepingsbewussyn waargeneem en voorsiening gemaak vir tydige begeleiding tot roepingsvernuwing.

2.3.6 Die kerkverband en meer spesifiek die sinodes maak (onder andere deur voortgesette bedienings- en teologiese opleidingsinstansies) voorsiening vir gereelde deelname van predikante aan retraites en programme waar aan roepingsvernuwing en -onderhouding van ’n bewussyn van roeping aandag geskenk word.

HOOFSTUK 3

WERWING

3.1 INLEIDEND

Binne die gereformeerde tradisie is daar nie teenspraak tussen die middellike en onmiddellike werking van God nie. Die belydenis van God wat deur die Gees in mense woon, sluit hierdie teenspraak uit. Waar daar wel ’n spanning is, is dit gewoonlik ’n kreatiewe spanning. Die belydenis is tegelyk dat God magtig en vrymagtig is om te handel soos dit sy eer en sy saak dien. Hierdie handeling van God geskied na die beste van ons verstaan van die Skrif in en deur mense.

Roeping val binne hierdie verstaan van die handelinge van God.

3.2 WERWING

3.2.1 Vanweë die “gesins”-karakter van die verbond is dit logies dat God mense vir hulle primêre roeping, as mense wat namens die Skepper die aarde versorg, beskerm en beheer, binne gesinsverband vir hierdie roeping voorberei. God roep binne verhoudings tot diens in hierdie wêreld. God vorm binne hierdie verhoudings, selfs al is dit binne vreemde verband soos in die geval van Moses. Binne verhoudings is dit moontlik om gevorm en voorberei te word.

3.2.2 Gesinne (enkel of tradisioneel) kan gevorm en begelei word om aan die werwing van mense vir die besondere roeping van predikante deel te neem, ook binne die geloofsgemeenskap. In hierdie opsig geld dit dan dat God, deur middel van sy primêre ruimte van die vorming van ’n mens, hulle tot besondere diens roep.

3.2.3 Dieselfde geld vir die gemeente as verband van verbondsgesinne (ongeag hoe die verhoudings binne enkel-, geskeide of sogenaamde tradisionele gesinne gestruktureer is). Binne die gemeente word mense tot *dienst am Welt* voorberei. Hier is dit byna vanselfsprekend dat, soos wat God mense vanuit die gemeente tot allerlei besondere diens roep, Hy ook mense tot die besondere diens van predikant roep.

3.2.4 Die kerkverband het die verantwoordelikheid om hierdie basiese ruimtes vir die fasilitering van roeping (werwing) te begelei tot stylvolle deelname aan die roeping van predikante (soos tewens ook van alle ander besondere roepings).

3.2.5 Die kerkverband het ook die verantwoordelikheid om die basiese “ruimte” vir roeping te voorsien van goeie informasie oor behoeftes en uitdagings binne die “beroep” van predikant. Hierdie inligting bepaal nie roeping nie, maar speel so dikwels in die handelinge van God ’n deurslaggewende rol. God roep ook mense deur die bewuswording van die nood, uitdagings en geleenthede in hierdie wêreld.

3.2.6 Die kerkverband het ook die verantwoordelikheid om beide basiese ruimtes vir roeping en werwing (gesin en gemeente) te begelei om te kan help met die onderskeiding van roeping. Omdat roeping altyd saam gaan met die ontvang van gawes, kan juis die primêre ruimtes beter as enige ander help om te onderskei of die gawes vir die besondere roeping teenwoordig en operasioneel is.

HOOFSTUK 4
AANMELDING EN KEURING

4.1. AANMELDING VIR OPLEIDING

4.1.1 Rol van die sturende (tuis-)gemeente

Met die betrokkenheid van die geloofsgemeenskap by die onderskeiding van inwendige roeping begin ’n keuringsproses wat die "begeleiding in die onderskeiding van roeping" genoem kan word.

Die beleid veronderstel ’n betekenisvolle verband tussen die sturende gemeente en die betrokke student. Groter praktykblootstelling (moontlik ’n volle jaar), en die gemeente se rol in die uitklaring van roeping en die keuringsproses, is hier ter sake.

The call to the Ministry of Word and Sacrament must normally begin in the local context of the congregation as members participate fully in the worship and witness of the church and as others recognise their gifts and potential for this particular ministry. Since ordination is a church-wide recognition of this call, the whole church is involved in discerning from among its membership people whom she feels have the necessary gifts and the potential for growth to contribute to the common life in varied settings. (Church of Scotland, Reports to the General Assembly, 2000, 17/17).

Op grond van bogenoemde uitgangspunte spreek dit vanself dat die gemeente ’n besondere rol speel by die student se aanmelding vir en toelating tot opleiding. Verteenwoordigers van die sturende gemeente en/of ring “oorhandig” die kandidate by ’n spesiale geleentheid op ’n gepaste manier aan die kuratorium. By so ’n geleentheid kan die onderskeie rolspelers die aard van elkeen se voortgesette betrokkenheid by die student uitklaar.

Die waarde van ’n ontmoeting van die kerk met eerstejaarstudente, in watter vorm ook al, moet nie onderskat word nie.

4.1.2 Rol van die ring

Die rol van die ring in die aanmelding, keuring en voorbereiding van voornemende studente is krities belangrik. Hiervoor wys die ring ’n bepaalde taakgroep aan wat gereeld aan die ring verslag doen.

Sodra die ring kennis ontvang van ’n voornemende student, vervul die ring ’n keuringsfunksie. Indien hierdie verslag positief is, meld die ring die goedgekeurde voornemende student met ’n gemotiveerde verslag as teologiese kandidaat by die betrokke kuratorium aan.

4.1.3 Rol van die kuratorium

Kuratoria/begeleidingskommissies ontmoet die teologiese kandidate wat deur ringe vir teologiese opleiding aanbeveel word. Dit kan die vorm aanneem van ’n gewyde seremonie, gevolg deur ’n inligtingsessie en ’n geselligheid. Kuratoria oordeel self op welke wyse die sturende gemeente en/of ring by hierdie geleentheid funksioneer.

Praktiese aspekte en **haalbaarheidsfaktore** waaraan voortdurend aandag gegee behoort te word, is:

- Identifisering van die sturende gemeente (die tuisgemeente - “ouerhuis” - of die gemeente waar die student in die aanmeld-fase hom/haar tydelik bevind, bv. tydelike betrekking in die stad, of dalk ’n ander gemeente waar die student ’n jaar praktykblootstelling gekry het – indien laasgenoemde ’n vereiste sou word).
- Bepaling van die aard van die sturende gemeente se voortgesette betrokkenheid by begeleiding.
- Bevordering en ontwikkeling van die “nuwe kultuur” van gemeentelike betrokkenheid.

4.1.4 Rol van die Fakulteit

Dit is gebruiklik dat fakulteite die nuwe studente by bepaalde geleenthede ontmoet as deel van die universiteite se oriënteringsprogram. Die doel hiermee is om die nuwe studente by te staan tydens die formele inskrywing, waar nodig advies te gee oor alle kursusaangeleenthede soos onder meer vakkeuses, en hulle vertroud te maak met die fakulteit.

Hierdie rol van die teologiese fakulteite hoef nie teenoor die rol van die kerk by aanmelding te staan nie.

4.2. KEURING

Naas die persoonlike roeping tot die evangeliebediening, is die volgende belangrike stap die keuring van ’n student met die oog op opleiding vir hierdie bediening. Keuring geskied in verskillende fases en namate die student vorder word dit gereeld herhaal.

4.2.1 Rol van die voornemende student

Tot die verantwoordelikheid van die voornemende student behoort:

- Aktiewe deelname vir ten minste ses maande voor aamelding aan die lewe en werk van die gemeente.
- Deelname aan of betrokkenheid by ’n missionêre aktiwiteit van enige soort
- Bespreek die roepingsbewussyn met ’n predikant van die NG Kerk.
- Aanmelding by die kerkraad en kennisgewing van die begeerte om die implikasies van die roeping tot die evangeliebediening te bespreek.
- Verkryging van die nodige inligting oor wat die roeping en die beroep behels.
- Versoek aan die kerkraad om, na goedkeuring, die aansoek by die ring aan te beveel.

4.2.2 Rol van die gemeente

Die eerste plek van formele aanmelding is die gemeente. Wanneer roeping ervaar word, begin die voornemende student op ’n bepaalde wyse ’n pad met die gemeente stap, en andersom. Die doel hiervan is meer formele blootstelling aan die gemeente se aktiwiteite.

In belang van die keuring van die voornemende student, moet die gemeente op hoogte wees met die profiel van ’n predikant en die beleid van die NG Kerk soos in die **A tot Z-Beleid** verwoord.

Gemeentelike keuring van voornemende studente hou rekening met die volgende:

4.2.2.1 Die karakter van die leier (dit wat vertroue skep by volgelinge). Hier word gedink aan morele sake wat belangrik is soos eerlikheid, integriteit, billikheid, empatie, diensgerigtheid, gebedslewe, vertroue op God, geestelike en emosionele intelligensie.

4.2.2.2 Die oortuiging van die leier (dit wat 'n gemeente kan help om doel en visie te onderskei). Reflektiewe leierskap is belangrik.

4.2.2.3 Kompetensie van die leier (dit wat 'n gemeente kan help om normale vrese te hanteer en konflikte te kan help oplos).

4.2.2.4 Onderskeiding van roeping tot die bediening in gesprek met die voornemende student.

4.2.2.5 Instemming met die NG Kerk se verstaan van die beroep van die predikant soos in die beleid van die Algemene Sinode uitgedruk.

4.2.2.6 'n Skriftelike getuienis van die voornemende student se roeping. Hierdie getuienis bevat:

4.2.2.6.1 'n Verduideliking van sy/haar verstaan van sy/haar roeping.

4.2.2.6.2 'n Persoonlike getuienis oor geloofsekerheid en ervaring van die genade van God.

4.2.2.6.3 'n Verduideliking van die persoon se oortuiging oor wat dit beteken om teologiese opleiding in die gereformeerde leer te ontvang.

4.2.2.6.4 'n Getuienis oor die persoon se persoonlike lewensverhaal, wat insluit sy/haar selfsorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid.

4.2.2.6.5 'n Getuienis oor sy/haar verstaan van die inhoud van 'n predikant se dienswerk, wat insluit sy/haar bewussyn van sy/haar gawes en groeigeleenthede en ook sy/haar bewussyn van die kerk se taak in die wêreld.

4.2.2.6.6 'n Onderneming om hom/haar neer te lê by die toesighoudingsproses wat die kerkverband daarstel.

Indien die gemeente oortuig is dat die betrokke voornemende student nie vir teologiese opleiding met die oog op die bediening aanbeveel kan word nie, is dit hulle verantwoordelikheid om sodanige student dienooreenkomstig in te lig.

Die belangrikste taak van tuisgemeentes is om kollektief as mentor vir die student op te tree, maar ook 'n proses te begelei waar 'n lid van die gemeente as mentor vir die student kan optree. In die verband is Thomas Bandy se omskrywing baie behulpsaam: *A mentor is someone who speaks from his or her own experience of life struggle, spiritual victory, and constant growth to help you overcome adversity, discern hope, and customize a learning path*. (Thomas Bandy, 2004: Mission Mover: Beyond Education for Church Leadership, Abingdon, Nashville, p.77)

Tuisgemeentes voer gereelde gesprek met voornemende studente om hulle, na identifisering van die roeping, te begelei en ook te help met die vind van finansiële ondersteuning. Sover moontlik aanvaar die tuisgemeente medeverantwoordelikheid vir die ondersteuning van die studiekoste, verblyf en algemene welsyn van die voornemende student.

In belang van hierdie keuring en begeleiding voer kerkrade so gereeld as wat nodig is onderhoude met voornemende studente. Die gemeente meld 'n persoon by wie 'n roeping verwoord is, by die ring aan.

Op grond van sodanige onderhoude word 'n goed gemotiveerde verslag en

aanbeveling aan die betrokke ring voorsien.

4.2.3 Rol van die ring

Sodra die ring van ’n kerkraad kennisgewing en aanbeveling aangaande ’n voornemende student ontvang, tree die ring met sodanige student in gesprek. In die gesprek word aandag aan die volgende geskenk:

4.2.3.1 Die inhoud van die kerkraadsverslag en alle dokumentasie deur die voornemende student voorsien.

4.2.3.2 Voortgaande gesprek oor roepingsonderskeiding en roepingsinhoud.

4.2.3.3 Persoons- en roepingsontwikkeling.

4.2.3.4 Moontlike gespesialiseerde roepingsbegeleiding en psigologiese evaluering.

4.2.3.5 Beroepsgeleenthede en missionêre visie.

4.2.3.6 Instemming met die NG Kerk se verstaan van die beroep van die predikant soos in die beleid van die Algemene Sinode uitgedruk.

Op grond van sodanige onderhoude word ’n goed gemotiveerde verslag en aanbeveling aan die betrokke kuratorium voorsien.

4.2.4 Rol van die kuratorium

Sodra die kuratorium vanaf ’n ring die kennisgewing en aanbeveling aangaande ’n voornemende student ontvang, neem die kuratorium sodanige student in ontvangs as kandidaat vir teologiese opleiding. Die kuratorium kan ook ’n student voorlopig toelaat in afwagting van die kennisgewing en verslag. Tot die keuringstaak van die kuratorium behoort die volgende:

4.2.4.1 Die beoordeling van die verslag van die ring.

4.2.4.2 Indien die ring nie die aanvanklike psigologiese evaluering gedoen het nie, is dit die verantwoordelikheid van die kuratorium voor die aanvang van teologiese studies. Hierdie en toekomstige psigologiese evaluering van die kandidaat gee aandag aan sake soos:

4.2.4.2.1 persoonlikheid

4.2.4.2.2 emosionele en spirituele intelligensie

4.2.4.2.3 verstandelike vermoë

4.2.4.2.4 kennis

4.2.4.2.5 insig

4.2.4.2.6 vaardigheid

4.2.4.2.7 houding (*attitude*).

4.2.4.3 Verdere psigologiese evaluering word twee keer tydens die student se akademiese loopbaan herhaal – die eerste voor die verstryking van die eerste semester van studie, en die tweede in die voorlaaste studiejaar. Die resultate van elke evaluering word tydens ’n sessie tussen die betrokke sielkundige en ’n lid van die begeleidingskommissie van die betrokke kuratorium met die kandidaat bespreek.

4.2.4.4 Instemming met die NG Kerk se verstaan van die beroep van die predikant soos in die beleid van die Algemene Sinode uitgedruk.

4.2.4.5 Evaluering van klasbywoning en -meelewing.

4.2.4.6 Aan die einde van Maart elke jaar gee die kuratorium die besonderhede van elke kandidaat deur aan die Algemene Kuratorium.

4.2.4.7 Aan die einde van die eerste graadkursus word ’n volledige verslag opgestel deur die kuratorium en aan die student sowel as die betrokke gemeente(s) – tuisgemeente asook die gemeente waarby ingeskakel word tydens studie – en ring(e) gestuur. As daar bepaalde probleme is word dit aangedui.

4.2.4.8 Finale keuring en eksaminering vind voor legitimasie plaas, ongeag alles wat voorafgegaan het. Daar is steeds die moontlikheid dat ’n kandidaat op hierdie stadium afgewys kan word.

4.2.4.9 Suksesvolle kandidate word deur die kuratorium by die Algemene Kuratorium vir legitimasie aanbeveel.

4.2.5 Rol van die Algemene Kuratorium (Algemene Sinode)

Tot die keuringstaak van die Algemene Kuratorium behoort die volgende:

4.2.5.1 By ontvangs van die name van die kandidate (sien 4.2.4.6) word ’n studentenommer (aangedui deur ’n S aan die begin – vir student) aan die betrokkene gegee. Hierdie S-nommer bly van krag totdat die persoon gelegitimeer word waarna die predikant ’n P-nommer ontvang (aanduiding van predikant).

4.2.5.2 Op aanbeveling van die kuratorium word suksesvolle kandidate vir legitimasie ontvang en aan die Algemene Sinode vir legitimasie oorhandig.

4.2.5.3 Die Algemene Kuratorium:

4.2.5.3.1 Koördineer die werksaamhede van die onderskeie fakulteite se kuratoria.

4.2.5.3.2 Tree namens die Algemene Sinode in gesprek met teologiese fakulteite rakende teologiese opleiding in belang van die bediening.

4.2.5.3.3 Werk mee aan kurrikulering en eksaminering.

HOOFSTUK 5
TEOLOGIESE OPLEIDING

5.1 INLEIDEND

Daar bestaan konsensus daaroor dat die kerk ’n veel groter rol in die opleiding van predikante behoort te speel as wat tans die geval is. Dit geld vir die hele spektrum vanaf toelating, gedurende opleiding en tot by legitimasie.

Dit is om goeie redes dat die NG Kerk in 2004 besluit het om teologiese opleiding en die vorming van toekomstige predikante indringend te herevalueer.

Die **aktualiteit** van hierdie saak vir die kerk kan aan verskeie faktore toegeskryf word:

- Daar vind vandag wêreldwyd groot verskuiwings plaas op die gebied van hoër onderwys, met belangrike implikasies ook vir teologiese opleiding. In Suid-Afrika is hierdie veranderinge nog meer ingrypend, gegewe die politieke omwenteling na 1994 en ’n totaal nuwe hoër onderwys bedeling.
- In die meeste lande met ’n sterk christelike tradisie is kerke tans besig met ’n proses van herbesinning (*rethinking*) oor teologiese opleiding.
- Die aanbreek van die nuwe millenium met die ingrypende ontwikkelinge op die gebied van wetenskap en tegnologie, die impak daarvan op die leefwêreld en tydgees, en die marginalisering van die kerk in die postmoderne samelewing vereis herbesinning oor bedieningseffektiwiteit.
- Ontwikkelinge op die gebied van informasietegnologie en spesifiek die moontlikhede en geleenthede wat afstandsonderrig ontsluit, dwing die kerk om nuut te dink oor die toeganklikheid en praktiese aanbod van teologiese opleiding.
- Die realiteite van die Afrika- en spesifiek Suid-Afrikaanse konteks, soos onder meer die huidige nasionale fokus op gemeenskapsontwikkeling, armoedeverligting en die bekamping van MIV/vigs, en die impak daarvan op die kerk se eie roepingsverstaan in die volgende dekades, het verdere implikasies vir teologiese opleiding.
- Verskuiwings binne die kerk self met betrekking tot onder meer spiritualiteitsbelewing en bedieningsbehoeftes, vra op belangrike punte aanpassing in die opleiding, asook helderheid oor die rolverwagting van die predikant.
- Veranderinge by die plekke van opleiding die afgelope paar jaar, veral die skuif van oorwegend enkel-denominasionele na ekumeniese fakulteite, vereis dat die kerk duidelikheid sal hê oor eie opleidingsbehoeftes asook oor die wyse van inspraak in kurrikulering.

Dit is belangrik om rekening te hou met die **invalshoek** van hierdie verslag. Teologiese opleiding word deurgaans beoordeel spesifiek uit die **perspektief van die NG Kerk**. Die roepingsverstaan en bedieningsbehoeftes van die NG Kerk, nou en in die volgende dekade(s) in ons land en kontinent, word as vertrekpunt geneem en die fokus val op wat nodig is vir predikante se opleiding met die oog op ’n effektiewe bediening in kerk en samelewing.

5.2 AANMELDING VIR OPLEIDING

Aanmelding vir opleiding geskied soos in hoofstuk 4 hierbo aangedui.

5.2.1 Die rol van die kuratorium

5.2.1.1 Die kuratorium ontvang studente vir opleiding na aanmelding en keuring soos in Hoofstuk 4 hierbo uiteengesit. Vir ’n oorgangsperiode hanteer die kuratorium ’n student wat nie deur die proses, soos in die beleid beskryf, gekom het nie, met inagneming van die beginsels van die beleid.

5.2.1.2 Die kuratorium ontmoet die nuwe studente by ’n gepaste geleentheid voor die aanvang van die akademiese jaar. Die ontmoeting word benut vir ’n verdere gesprek oor onder meer roepingsverstaan, die student se geestelike groei en kerklike betrokkenheid asook kursus-aangeleenthede.

5.2.2 Die rol van die Teologiese Fakulteit

Dit is gebruiklik dat fakulteite die nuwe studente by bepaalde geleenthede ontmoet as deel van die universiteite se oriënteringsprogram. Die doel hiervan is om die nuwe studente by te staan tydens die formele inskrywing, waar nodig advies te gee oor alle kursusaangeleenthede soos onder andere vakkeuses, en hulle vertroud te maak met die fakulteit.

5.3 DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN STUDENTE

Verskeie faktore beklemtoon die behoefte aan geslaagde begeleiding spesifiek vir studente van die NG Kerk vandag. Persone wat hulle vir die bediening geroepe voel, studeer tans in ’n tyd van onsekerheid. Dit behels onder meer onsekerhede wat saamhang met:

- Die oorgang en transformasie in die land.
- Beperkinge ten opsigte van loopbaankeuse en werkgeleenthede.
- Verskuiwings ten opsigte van kerklike lojaliteit, verbintenis en meelewing.
- Negatiewe persepsies rakende die geloofwaardigheid van die NG Kerk.
- Aanpassings by plekke van opleiding.
- Die hedendaagse bevraagtekening van die gesag van die Bybel en die grondslae van die Christelike geloof.
- Persoonlike krisisse, waaronder ’n oënskynlike toename in die verskynsel van depressiwiteit by studente die afgelope dekade of wat.
- Die uitdagings van ’n missionêre bediening, wat geroepenes en gestuurdes verg wat alles sal opoffer, enigiets sal doen, alles sal aanpak om mense te help om die lewensveranderende krag van God te ervaar.

Uit persoonlike gesprekke en opnames blyk dit dat **studente begeleiding verlang** en verwelkom, en dat die waarde daarvan vir hulle veral saamhang met die behoefte aan **persoonlike versorging** en ’n onsekerheid in die **belewing van hulle identiteit**. Studente het wel ’n probleem met begeleiding wanneer dit oppervlakkig gebeur, of wanneer begeleiers aanbevelings oor hulle keuring en legitimasie doen sonder dat daar ’n pastorale gesprek of noemenswaardige kontak plaasgevind het.

Uit die oogpunt van die kerk is die persoonlike en pastorale begeleiding van studente wat vir die bediening opgelei word nog altyd as **noodsaaklik** beskou. Die groot belang hiervan vir die kerk blyk uit ’n baie ou bepaling van die vorige *Kerkorde* (Reglement 14) dat elke kuratorium ’n kommissie benoem met die uitsluitlike doel om studente te begelei. Kuratoria verleen op grond hiervan jaarliks toestemming aan ’n student om met sy/haar opleiding voort te gaan met die oog op legitimasie.

Dit moet bygevoeg word dat die begeleiding deur die jare nie bloot aan een bepaalde lid van die Begeleidingskommissie oorgelaat is nie. Daar is baie voorbeelde van waar daarin geslaag is om ’n **ondersteuningsnetwerk** rondom bepaalde studente te vorm, veral ten tye van ’n persoonlike krisissituasie, en waar dosente, predikante vir teologiese opleiding, gemeenteleraars en pastorale beraders ’n besondere rol in studente se lewens gespeel het. Ongelukkig het dit om verskeie redes by waarskynlik die meerderheid studente nie gebeur nie.

Die belangrike punt is dat daar min of meer konsensus bestaan dat die huidige vorm van begeleiding, in die geheel beoordeel, nie geslaagd is nie. Dit laat ’n leemte wat die kerk nie kan bekostig nie, en wat dringend verbeter sal moet word. Die mentorprogram van die kerk kan hierin ook ‘n belangrike rol speel.

5.3.1 Die rol van die sturende en/of sorgende gemeente in begeleiding

Een manier om die proses van voornemende studente se versorging te verbeter, is om aan die sturende en/of sorgende gemeente ’n groter rol toe te vertrou.

Tot op hede het die tuisgemeente oorwegend ’n onbeduidende rol gespeel in die begeleiding van teologiese studente uit eie geledere. Die betrokkenheid was gewoonlik beperk tot ’n aanbeveling van die kerkraad/leraar met die oog op toelating tot opleiding. ’n Minderheid van gemeentes het wel op ’n manier deurlopend in voeling met die student gebly, en ook waardevolle finansiële ondersteuning gebied. Van begeleiding het egter weinig tereg gekom, hoofsaaklik omdat daar wedersyds nie so ’n verwagting was nie.

Die bedoeling is dat in die nuwe bedeling reg van die begin af ’n hegte band tussen sturende gemeente en student gelê word, met inbegrip van die gemeente se betrokkenheid by roepingsuitklaring, keuring en aanbeveling vir opleiding. Indien hierdie proses sinvol en geloofwaardig verloop, is die grondslag daarmee ook gelê vir die voortgaande betrokkenheid van die gemeente by die student se verdere ontwikkeling en opleiding.

Soos reeds aangedui, kan prinsipieel ’n goeie saak uitgemaak word vir die betrokkenheid van die kerk via die sturende gemeente by die keuring en toelating van kandidate vir die bediening. By die meeste kerke wêreldwyd gebeur dit op die een of ander manier, en dit is duidelik dat die NG Kerk ’n sterker reëling in dié verband sal moet vestig. Indien die verantwoordelikheid van die sturende gemeente nog verder uitgebrei word om ook die persoonlike begeleiding tydens ’n student se studiejare in te sluit, sal ’n hele paar aspekte hiervan eers uitgeklaar moet word.

Belangrik in hierdie verband is dat die voortgesette betrokkenheid van die gemeente sinvol, prakties haalbaar en deurlopend uitvoerbaar moet wees. Daarby sal ’n heel nuwe praktyk en spesifiek ook eienaarskap daarvoor in die kerk gevestig moet word. Hieroor moet met realisme en nugterheid nagedink word.

Praktiese aspekte en faktore vir die **haalbaarheid** daarvan waaraan voortdurend aandag gegee behoort te word, is:

- Identifisering van die sturende gemeente (die tuisgemeente – “ouerhuis” – of die gemeente waar die student in die aanmeldfase hom/haar tydelik bevind, bv. tydelike betrekking in die stad, of dalk ’n ander gemeente waar die student ’n jaar praktykblootstelling gekry het – indien laasgenoemde ’n vereiste sou word).
- Bepaling van die aard van die sturende gemeente se voortgesette betrokkenheid by begeleiding.

- Bevordering en ontwikkeling van die "nuwe kultuur" van gemeentelike betrokkenheid.

Oor die ideaal van mentorskap sal daar nog heelwat dinkwerk gedoen moet word, beide oor die inhoud en die vestiging daarvan. In 'n opname onder studente het die meeste van hulle aangedui dat hulle nie 'n mentor het nie. Die vraag is hoe so 'n verhouding tot stand kom, en of die lukraak indeling van 'n student by 'n bepaalde begeleidingskommissielid die beste manier is om dit te probeer vestig.

Dit blyk dat so 'n verhouding in die meeste gevalle eerder 'n spontane as gestruktureerde oorsprong het. Hoewel sommige studente wel tydens hulle studiejare op die een of ander manier in 'n nuwe mentorverhouding tereg kom, is die tyd en geleenthede vir die spontane groei van so 'n verhouding in die meeste gevalle dan waarskynlik te beperk.

Die sturende gemeente se beoogde uitgebreide, aanvullende verantwoordelikheid vir begeleiding kan nuwe moontlikhede vir sinvolle mentorskap open. Studente behoort die geleentheid te hê om self 'n persoon uit die gemeente, met wie reeds 'n vertrouensverhouding gevestig is, as mentor aan te beveel. Dit hoef nie noodwendig die predikant te wees nie. So 'n mentor sou saam met 'n ondersteuningsgroep/begeleidingskomitee die verantwoordelikheid kon neem vir die gemeente se voortgesette pastorale betrokkenheid by die student.

5.3.2 Die rol van die kuratorium in begeleiding

Die verantwoordelikheid van die kuratoria ten opsigte van studente se pastorale begeleiding word in die reglement vir teologiese opleiding uitgespel.

Die kuratoria het deur die jare hierdie taak verrig deur die onderskeie begeleidingskommissies, wat bestaan het uit 'n aantal predikante van gemeentes in die omtrek van die bepaalde opleidingsplek. 'n Paar studente is dan aan elke begeleier toegewys vir begeleiding.

Die ideaal was dat die begeleier 'n soort mentor vir die student sal wees, of dan ten minste kontak met die student sal behou, en elke jaar een of twee goeie pastorale gesprekke met hom/haar voer. Oor elke student is gewoonlik jaarliks 'n skriftelike verslag ingedien, aan die hand waarvan besluit is oor sy/haar voortgesette keuring met die oog op opleiding vir die bediening.

Hierdie metode van begeleiding was in bepaalde gevalle geslaagd. Sommige begeleiers het daarin geslaag om 'n persoonlike en pastorale verhouding met studente te smee, wat in die reël deur die studente verwelkom en gewaardeer is. Dit het meermale gebeur dat studente in tye van persoonlike krisisse baie baat gevind het by die ondersteuning van hulle begeleiers.

Ongelukkig het die meerderheid studente die afgelope jare nie 'n positiewe ervaring van begeleiding gehad nie. Vanweë 'n verskeidenheid van faktore het 'n persoonlike band tussen begeleier en student dikwels nie gerealiseer nie, en in sommige gevalle was daar weinig of geen kontak.

Benewens die insette van lede van die begeleidingskommissie maak kuratoria ook gebruik van die dienste van 'n kliniese sielkundige. Die aard en omvang van hierdie diens verskil by die drie opleidingsplekke.

5.3.3 Die rol van die fakulteite/opleidingsentra in begeleiding

Die rol wat dosente by teologiese fakulteite en seminaria in die pastorale begeleiding van studente speel, verskil van een denominasie en tradisie tot die

volgende, en wissel van volwaardige tot weinig of geen verantwoordelikheid.

Ook tussen en selfs binne die drie opleidingsplekke van die NG Kerk is daar wisselende betrokkenheid van dosente. Verskeie voorbeelde sou genoem kon word van dosente wat ’n geslaagde begeleidingsrol vervul. Dit is soms in gestruktureerde verband soos byvoorbeeld in dissipelskapgroepe, maar meestal in spontane verhoudings met bepaalde studente.

Soms neem fakulteite inisiatief met die oog op die pastorale versorging van studente. Voorbeelde hiervan is fakulteitskampe en die vestiging van omgee-groepe waarin senior studente verantwoordelikheid neem vir nuwelinge.

Hoewel begeleiding tans nie ’n omskrewe opdrag aan dosente is nie, en in die praktyk waarskynlik eerder by uitsondering as in die reël gebeur, is dit ’n vraag of hieroor nie nuut gedink moet word nie.

5.3.4 Die rol van begeleiding in jaarlikse keuring

Die persoonlike begeleiding van studente het naas die versorgingswaarde ook ’n keuringsfunksie. In die praktyk beteken dit dat die begeleier jaarliks op grond van goeie persoonlike kontak met die student en aan die hand van ’n skriftelike verslag ’n aanbeveling doen met die oog op die voortsetting van sy/haar opleiding. Faktore wat in die evaluering ’n rol speel is die verstaan van roeping, geloofsgroei en geestelike volwassenheid, persoonlikheidstoerusting, be-dieningsvaardighede en akademiese vordering.

Hierdie jaarlikse keuring van studente is om minstens twee redes belangrik: eerstens help dit die kuratorium om betyds vas te stel of daar bepaalde aspekte van die student se persoon en toerusting is waaraan spesiale aandag gegee moet word. Tweedens voorkom dit ’n situasie dat ’n besluit oor keuring al dan nie eers aan die einde van ’n student se opleiding geneem word.

Indien die ideaal verwesenlik word van ’n geïntegreerde begeleidingsproses waarin gemeente, kuratorium en dosenteraad elk deurlopend ’n eie bydrae lewer, sal dit ook beteken dat elkeen van hierdie rolspelers jaarliks inspraak in die keuringsproses sal hê. Sommige dosenterade is reeds hierby betrek deurdat hulle jaarliks aanbevelings oor studente doen.

In die oorweging van keuring behoort twee sleutelbegrippe ’n deurslaggewende rol te speel, naamlik bedieningsgeskiktheid en bedieningsgereedheid. By die oorweging van bedieningsgeskiktheid word gevra of die betrokke kandidaat oor die nodige persoons- en persoonlikheidstoerusting beskik om opgelei te word met die oog op die bediening, of nie. Bedieningsgereedheid beteken dat die kandidaat nie net oor die potensiaal beskik nie, maar ook in sy/haar opleiding en groei die punt bereik het waar hy/sy tot die bediening toegelaat kan word.

In sommige gevalle mag dit beteken dat ’n kandidaat glad nie vir opleiding aanvaar word nie, of dat sy/haar keuring in ’n vroeë stadium opgehef word op grond daarvan dat hy/sy nie vir die bediening geskik is nie. In ander gevalle mag dit gebeur dat die kuratorium tydens of selfs aan die einde van die opleiding aanvullende begeleiding of opleiding vereis om te verseker dat ’n kandidaat bedieningsgereed is.

5.4 SPIRITUALITEITSVORMING

Spiritualiteitsontwikkeling hou wel met persoonlike begeleiding verband, maar moet ook daarvan onderskei word. By eersgenoemde gaan dit spesifiek oor studente se belewing van hulle persoonlike verhouding met die Here, insluitend die geestelike dissiplines van gebed en die omgang met die Bybel. Dit hou ook verband met die styl van aanbidding

waarin ’n student hom/haar tuis voel.

5.4.1 Rol van die gemeente

As eerste vereiste word gestel dat die student in afhanklikheid van en in verbondenheid aan God sal lewe, wat persoonlike omgang met die Woord en ’n gesonde gebedslewe insluit.

Naas die teologiese student se eie verantwoordelikheid vir ’n persoonlike lewe met die Here, behoort ’n belangrike deel van geestelike groei in die gemeente plaas te vind. Dit was lank in die NG Kerk aanvaar dat die bydrae van die kerk tot die geestelike vorming primêr plaasvind in die gemeente waar hy/sy behoort.

In beginsel behoort dit steeds so te geld. Betrokkenheid by die eredienste en aktiwiteite van die gemeente vorm die student immers in die spiritualiteit van die kerk waarin hy/sy gaan dien. Bybelstudiegroepe en uitreik-aksies van studentegemeentes en organisasies soos die VCSV het in die verlede hierin ’n belangrike rol gespeel.

Verskeie faktore bring mee dat daar vandag nie meer sonder meer aangeneem kan word dat dit steeds so gebeur nie. Baie studente het nie soos twee of drie dekades gelede ’n verbintenis aan een bepaalde NG Kerk-gemeente nie. Studente beweeg dikwels tussen verskillende geloofsgemeenskappe, soms met uiteenlopende spiritualiteit. In sommige gevalle mag dit gebeur dat ’n student vir ’n aansienlike deel van die opleidingstyd nie by ’n NG gemeente of enige ander geloofsgemeenskap aktief betrokke is nie.

5.4.2 Die kuratorium se rol in spiritualiteitsvorming

Die kuratoria se praktiese betrokkenheid by die spiritualiteitsvorming van studente was grotendeels beperk tot die persoonlike gesprekke van begeleiers. Geestelike groei het deel van hierdie gesprekke gevorm.

5.4.3 Plekke van opleiding se rol in spiritualiteitsvorming

Alhoewel die kerklike en teologiese tradisies asook die etos, konteks en opleidingsprogramme mag verskil, is dit opvallend dat instellings waar predikante wêreldwyd opgelei word, naas die strewe na akademiese uitnemendheid, deurgaans aan spiritualiteit en geestelike vorming ’n sentrale plek toeken.

Die volgende verwysings illustreer hoe plekke van opleiding op hierdie doelwit fokus.

Princeton, VSA (Mission Statement & History)

Princeton Theological Seminary prepares men and women to serve Jesus Christ in ministries marked by faith, integrity, scholarship, competence, compassion, and joy, equipping them for leadership worldwide in congregations and the larger church, in classrooms and the academy, and in the public arena.

To these ends, the Seminary provides a residential community of worship and learning where a sense of calling is tested and defined, where Scripture and the Christian tradition are appropriated critically, where faith and intellect mature and life-long friendships begin, and where habits of discipleship are so nourished that members of the community may learn to proclaim with conviction, courage, wisdom, and love the good news that Jesus Christ is Lord.

Miller Chapel was moved in 1933 toward the center of the campus and its existence from the early decades of the seminary testifies to the centrality of worship to life at this institution.

Louisville Seminary, VSA

We offer our students a creative curriculum integrating academic and practical preparation for congregational and counseling ministries, and post-graduated studies. We also offers a life of worship, spiritual development, and mutual Christian care which leads us to respond to God in Jesus Christ, and in faithful discipleship to participate in the significant social struggles and critical ethical issues of our time.

Worship is central to community life at the Seminary. The community gathers in Caldwell Chapel, Tuesday through Friday, to encounter God, individually and corporately, trough Word and Sacrament.

Austin Presbyterian Theological Seminary, VSA

The church has the right to expect that those who graduate from theological seminaries with professional degrees will be prepared to practice Christian ministry consistently and with integrity. The seminary therefore intends to foster the integration of self-understanding, knowledge and skills, and the faculty has committed itself to achieve a style of education appropriate to this intention…

This occurs not only by devotion to study, but also by responsible participation in the whole of the community's varied life of worship and work, as well as by the exercise of personal prayer.

Trinity Lutheran Seminary, Columbus, VSA

A theological seminary is more than an educational institution. It is also a community of Christians gathering to be empowered for mission. Worship, therefore, stands at the center of the day's activities.

Pittsburg Theological Seminary,VSA

Dedicated to excellence in theological education, the faculty strives to prepare graduates who will demonstrate personal piety and the keenest possible intellectual understanding of the Gospel and its implications for individual and social living.

The seminary is rooted in the Reformed history of faithfulness to Scripture and commitment to the Gospel of Jesus Christ. In keeping with our tradition, we continue our mission to be a caring and ecumenical community, to nurture personal faith and corporate worship, to promote global consciousness and service, and to encourage students and faculty to relate their studies to the numerous styles of ministry emerging today.

Sien ook die publikasie: **The Ideal Seminary**, CS Calian (President, Pittsburg Seminary), bl 96-97

The seminary ought to function as a faith-shaping community. That is to say, we need to pay greater attention to the ungraded curriculum, sometimes referred to as a "hidden curriculum". This "hidden curriculum" influences for good or ill our life together and can be a formative force, outweighing at times the academic curriculum.

Trinity College, Bristol, ("Church of England")

Training for Christian service at Trinity will mean far more than gaining theological knowledge and practical equipping, vital though these are. Alongside the development of strategic and practical skills there is the complementary and demanding task of growing into a costly personal integration

at all levels of human identity and flourishing – emotional, theological, psychological, spiritual and relational. This is an essential part of preparation for the demands of ministry in today's world.

Worship is central to our life together at Trinity. The day begins with an act of worship. On four days a week this is with the whole community. On Fridays, students meet for worship and prayer in groups…

Cambridge Theological Federation, England

Worship is central to the life of the Federation. The way in which we worship together symbolizes and expresses our values.

Selfs in teologiese programme via afstandsonderrig vind 'n mens dieselfde klem: (**Southern Theological Education & Training Scheme-STETS**, ekumeniese sentrum geakkrediteer deur die **University of Surrey, England**)

Work on personal prayer and spirituality is a constituent part of the course. Before you begin your supervised reflective practice you will be introduced to the spiritual traditions of the churches to help you to discern your vocation and to find resources for prayer for the course… You are also strongly encouraged to have a spiritual director/companion/advisor.

Verskeie kerke wat in 'n proses is, of onlangs was, om hulle teologiese opleiding te hersien, kom tot die oortuiging van die belangrikheid van 'n toegespitste program vir geestelike vorming en persoonlikheidsontwikkeling.

United Church of Scotland: Report to the General Assembly, 1998, bl 1,6

Being equipped is not simply a matter of knowledge and skills, it has to do also with spiritual awareness, the grounding and depth of faith, gratitude to and confidence in the one God of the one household.

A high priority should be given to fostering ordinands' spiritual growth both individually and in community, through regular discussions with tutors. We also encourage the College to continue to offer a wide range of spiritual resources and methods.

Dit behoort duidelik te wees dat die opleiding van predikante vir die NG Kerk dieselfde prioriteit hieraan moet gee, en dat baie meer in eie konteks gedoen behoort te word in belang van die geestelike vorming van studente. Die feit dat die opleiding by fakulteite plaasvind, en nie by seminaria nie, behoort geen afbreuk aan hierdie prioriteit te doen nie. Dit beklemtoon eerder die feit dat die kerkverband die heel hoogste prioriteit hieraan sal moet verleen, anders kan die voortsetting van opleiding aan fakulteite selfs in die gedrang kom.

5.4.4 'n Geïntegreerde program van spiritualiteitsvorming: die opleidingsplek as eiesoortige geloofsgemeenskap

Uit die voorafgaande opmerkings blyk reeds dat die plek waar opleiding plaasvind 'n kardinale rol in spiritualiteitsvorming behoort te speel. Met geïntegreerdheid word nie net bedoel dat kerk en fakulteit hiervoor medeverantwoordelikheid behoort te neem nie, maar ook dat die insette van die verskillende rolspelers bewustelik deel moet wees van 'n goeddeurdagte uitkomsgerigte program van spiritualiteitsontwikkeling.

Opleidingsentra kan op minstens drie maniere 'n belangrike bydrae tot studente se geestelike groei lewer:

Eerstens behoort komponente van spiritualiteit op 'n manier deel van die formele

kurrikulum te vorm. Waar nodig sou die kerk met die fakulteite kon onderhandel sodat kundiges uit die kerk geakkrediteer word om hierdie aanvullende opleiding te behartig. Kuratoria sou ook geleenthede wat reeds vir die kerk beskikbaar is met die oog op aanvullende toerusting hiervoor kon benut.

Tweedens, waar spiritualiteitsvorming deel vorm van die fokus en uitkoms van ’n teologiese opleidingsprogram, bring dit ’n belangrike implikasie vir die akademiese aanbieding van die onderskeie vakgebiede*. The emphasis on spirituality does not only have a formative effect on the person of the theological student, but it also has a unifying and concentrating effect on theological teaching of a theological institution. It serves as a mechanism which provides a clear focus of all the activities of a theological institution.*

Specialization in teaching and research is necessary from an academic point of view but it may never lead to any discipline or scholar withdrawing from pursuing the common spiritual aims of religious and moral commitment that form part of ministerial formation. This point serves as an indication of how closely the dimensions of spirituality and confessionality are interrelated. The classical formula of lex orandi lex credendi is of relevance also for the structure of theological education.” (CJ Wethmar, “Ecclesiology and theological education: a South African Reformed Perspective”, *Studies in Reformed Theology, volume 7*).

In hierdie verband moet ook die rol van modellering genoem word. Die waarde wat dit vir studente het wanneer dosente in die omgang met hulle vakgebied ook blyke gee hoe die inhoud daarvan met hulle eie geloofslewe geïntegreer is, moet nie onderskat word nie. *Spirituality is evoked and developed more by modeling than by explicit teaching* (GL Chapman: “Spiritual Development: The purpose of Theological Training”, bl. 18).

Voortgaande gesprek behoort met dosenterade gevoer te word oor die kerk en die studente se verwagtinge in dié verband. Die gevaar bestaan dat in die opleiding eensydig klem gelê word op die universitêre akademiese en teologiese kennis sonder genoegsame fokus op die integrasie van akademiese toerusting en geestelike ontwikkeling.

Derdens behoort die plekke van opleiding waarskynlik meer as tans as ’n soort geloofsgemeenskap te funksioneer. Dit beteken dat daar in die gewone gang van aktiwiteite genoegsaam ruimte geskep word vir geleenthede met ’n geestelike inkleding waarby dosente en studente, verteenwoordigers van fakulteit en kerk betrek word.

Die drie opleidingsentra gee op verskillende maniere uitdrukking hieraan. Die ideaal van ’n werkbare program waarin die akademiese kursus en spiritualiteitsvorming sinvol geïntegreer is, en waarin fakulteit en kerklike rolspelers gesamentlik verantwoordelikheid neem, moet gevestig word.

5.5 TOESIG OOR STUDENTE SE TEOLOGIESE VORDERING

Die gedagte is uitgespreek dat daar van die kerk se kant een of ander vorm van belangstelling in en selfs toesig oor die student se akademiese vordering sal wees.

Die bedoeling hiervan is nie ’n soort dissiplinêre kontrole nie. Feit is egter dat sommige studente akademies sukkel en party selfs glad nie die mas opkom nie. Daarby gebeur dit dikwels, veral in die eerste jare van opleiding, dat studente gekonfronteer word met vak-inhoude wat hulle as problematies en soms selfs as ’n geloofskok ervaar.

Die vraag is of die kerk in hierdie verband ’n soort akademiese ondersteuningsnetwerk behoort te skep. Indien wel, is die vraag of dit bloot deel van die bestaande pastorale begeleiding behoort te vorm, of dit ’n nuwe behoefte is waaraan die eksamenkommissie

aandag behoort te gee, of behoort die kerklike dosenterade meer in die verband te doen?

5.6 DIE PLEK VAN DIE PROFIEL VAN DIE AFGESTUDEERDE STUDENT IN BEGELEIDING, SPIRITUALITEITSONT-WIKKELING EN OPLEIDING

AKTO het in 2000 vir die eerste keer ’n profiel saamgestel waarin die kerk se verwagtinge vir die afgestudeerde student verwoord is.

Die bedoeling was dat die profiel as ideaalbeeld dien wat in die vorming van predikante nagestreef word, en dat dit ook in onderhandelinge met fakulteite benut sal word om die uitkomste van die opleiding te bepaal.

Die profiel is gegrond op die aanname dat geestelike en psigiese volwassenheid saam met ’n goeie praktykgerigte teologiese opleiding die drie basiese hoekstene vorm vir bedieningsgereedheid en beroepsgeskiktheid.

5.7 DIE INSPRAAK VAN DIE KERK IN DIE AKADEMIESE PROGRAM

5.7.1 Die verhouding kerk/teologiese opleiding

Die verhouding **kerk-teologie** het in die geskiedenis verskillende vorme aangeneem. Enersyds kan teologie heel los van die kerk beoefen word soos in vroeëre vrysinnige, asook latere en huidige modernistiese kringe. So ’n benadering lei noodwendig tot ’n vervreemding tussen kerk en teologie. Andersyds kan teologie verstar in verknegting aan die kerk, met ewe ernstige gevolge vir beide kerk en teologie.

In gereformeerde kringe was daar tradisioneel groot waardering vir ’n hegte verhouding, maar tegelyk ook kritiese afstand, tussen kerk en teologie. Dit is in so ’n verhouding van vryheid en verbondenheid dat die teologie die kerk op die beste manier kan help om kerk van die Woord te wees.

Teen hierdie agtergrond beteken dit dat teologiese fakulteite ’n mate van vryheid en onafhanklikheid behoort te geniet. Dit is in die kerk se eie belang om hierdie afstand te respekteer. Die opleiding van predikante is immers nie die enigste taak van ’n teologiese fakulteit nie. Teologiese fakulteite behoort ook nie aan die kerk nie.

Terselfdertyd is dit vir die kerk om voor die hand liggende redes belangrik om die beoefening van teologie kerklik te begelei. Terwyl die kerk die wetenskaplike vryheid van die teoloog wil respekteer, kan die kerk nie anders nie as om betrokke te bly by die beoefening van teologie. Dit beteken nie dat die kerk aan die teoloog wil voorskryf nie, maar gegewe die groot invloed wat dit in die kerklike lewe het, wil die kerk in voeling met die teologie bly en dit volgens eie maatstawwe en geloofsoortuigings beoordeel.

’n Gesonde verhouding sou wees dat die kerk en teologie in ’n wedersydse verhouding van vertroue verkeer. Om hierdie verhouding te respekteer is ook in die beste belang van teologiese fakulteite.

Die vraag is of teologie as wetenskap nog in vryheid beoefen kan word wanneer dosente konfessioneel gebonde is, soos byvoorbeeld aan die gereformeerde kerklike belydenisskrifte. Besinning hieroor het in die geskiedenis meermale uitgeloop op die beoefening van teologie wat van die kerklike belydenis

losgemaak is. Die binding aan die kerklike belydenisskrifte, waar dit reg verstaan word, hoef egter nie die vryheid van die teologie as wetenskap te bedreig nie.

Die teologie het ’n groot invloed op die kerklike lewe en raak veral die verkondiging van die kerk direk. Dit is om hierdie rede dat inspraak by die aanstelling van dosente en toesig oor teologiese opleiding vir sover dit die vorming van toekomstige predikante raak, altyd vir die kerk belangrik sal wees.

(Vir die verhouding kerk/teologie, sien JA Heyns en WD Jonker, Op weg met die Teologie, bl. 187-217).

5.7.2 Fakulteit of seminarium?

Teologiese opleiding aan ’n fakulteit en seminarium het bepaalde voor- en nadele. Die NG Kerk het by verskillende Algemene Sinodes duidelik aangedui dat opleiding aan ’n fakulteit tans voorkeur geniet, en dat ’n seminarium slegs as ’n noodmaatreël oorweeg sal word wanneer opleiding aan universiteite nie meer in die kerk se behoeftes kan voorsien nie.

Die voorkeur van die kerk vir predikante se opleiding in ’n universiteit se konteks spruit uit die oortuiging dat die Christelike geloof en lewe ’n relevansie het vir alle sfere van die lewe. ’n Onttrekking van teologiese opleiding aan universiteite sal bydra tot die groeiende marginalisering van die kerk en die Christelike geloof. Teologie behoort ’n integrale deel van die wetenskap as geheel te bly, en teologiese studente behoort aan die universiteitslewe en -etos blootgestel te word.

Soos reeds genoem beteken dit nie dat teologiese opleiding ten alle koste aan universiteite moet plaasvind nie. Daar is talle kerklike seminariums in verskillende lande wat jare lank reeds uitnemende teologiese opleiding bied. Uiteraard speel die faktor van bekostigbaarheid by die oorweging van hierdie opsie ’n belangrike rol.

Die huidige bedeling hou vir die NG Kerk dié voordeel in dat heelwat van die voordele van ’n seminarium ingebou kan word by die opleiding aan universiteite.

Die bestaande formele ooreenkomste met die universiteite verskans die kerk se inspraak by aanstellings en kurrikulering. Die kerk het daarby die vryheid om self aanvullende opleiding te oorweeg na gelang van eie behoeftes.

Die kerk bevestig dat die opleiding in hoofsaak gerig is op die toerusting van studente om deel te neem aan God se sending aan die wêreld. Die fokus is nie die opleiding van teoloë nie, maar om mense wat deur God geroep word om deel te neem aan sy sending in die wêreld, toe te rus vir daardie sending. Die kerk moet jaarliks by wyse van prosesse in staat gestel word om die behoeftes van die kerk m.b.t. opleiding uit te spel en moet ook die voldoening aan daardie vereistes kan evalueer.

In die algemeen moet opgemerk word dat die opleiding waar moontlik, nader aan die gemeente behoort te beweeg. Dit is ’n taamlik algemene tendens in teologiese opleiding. Die vestiging van die finalejaar as ’n gemeentepraktyk jaar is ’n voorbeeld hiervan in die NG Kerk.

5.7.3 Die effektiwiteit van die huidige en beoogde nuwe graadstruktuur

5.7.3.1 Die huidige opleidingsmodel

Vroeër het studente van die NG Kerk ’n teologiese onderrigprogram deurloop wat bestaan het uit ’n propedeutiese studie van drie jaar (die

ou BA-Admissie waartydens die grondtale tot op ’n bepaalde vlak geneem is en studente ook kennis gemaak het met verskeie ander geesteswetenskaplike vakke), gevolg deur ’n teologiese studie van drie jaar en ’n proponentsjaar.

Hierdie model het beteken dat die teologiese studie eers in die tweede helfte van die program tereg gekom het. Dit het verskeie voordele ingehou, soos dat studente ’n bepaalde rypheid en volwassenheid ontwikkel het voor hulle met teologie begin het, en daarby ook waardevolle blootstelling aan vakke uit die hulpwetenskappe gekry het.

Hierdie stelsel het geleidelik onder druk gekom hoofsaaklik as gevolg van finansiële redes (teologiese fakulteite het die subsidie van teologiese studente in die eerste drie jaar verloor) en die behoefte van ander kerke vir ’n driejarige teologiese program sonder grondtale. Gedurende die tagtigerjare van die vorige eeu is met ’n proses begin wat uiteindelik uitgeloop het op ’n geïntegreerde teologiese kursus.

In hierdie verband is dit belangrik om op te merk dat die verskuiwinge nie plaasgevind het op grond van die opleidingsbehoeftes van die NG Kerk nie. Die vraag is later met reg van kerklike kant gevra of die nuwe model wel ’n verbetering op die vorige een was.

Veral drie probleme word met die huidige opleidingsmodel ondervind: eerstens word studente op ’n baie vroeë stadium met die teologie in aanraking gebring, wat meebring dat hulle dikwels nie daarvoor gereed is nie; tweedens bied die huidige program weinig keusemoontlikhede vir sover dit vakke uit die hulpwetenskappe betref; en derdens bring dit mee dat studente wat byvoorbeeld na drie of vier jaar van kursus sou verander, weinig ander beroepsmoontlikhede het.

5.7.3.2 Die beoogde nuwe graadstruktuur

Die huidige situasie is dat die *Standards Generating Body (SGB)* vir Christelike Teologie ’n nuwe gradematriks aanvaar het wat bestaan uit ’n driejarige baccalaureus in Teologie, en opgevolg kan word deur ’n honneurs en ’n MDiv of MTh.

Dit is nog nie duidelik wat die voor- en nadele van hierdie beoogde nuwe program vir die NG Kerk sal inhou nie. Hoewel dit bepaalde voordele mag inhou, word daar ook vrae gevra oor programintegriteit.

Onder meer twee spesifieke aspekte is vir die NG Kerk se opleiding van belang. Die eerste vraag is naamlik of die nuwe graadstruktuur meer ruimte sal laat vir vakke uit die hulpwetenskappe. ’n Sterk saak kan daarvoor uitgemaak word dat sommige van hierdie vakke belangrik of selfs onontbeerlik is vir die toerusting van toekomstige predikante, gegewe die konteks waarin die kerk in die volgende dekades geroepe is om diens te lewer.

Die tweede vraag, wat waarskynlik direk verband hou met die vorige, het te doen met die vereistes wat die kerk stel oor die grondtale. Die moontlikheid word genoem dat die vereiste twee jaar grondtaalstudie na een verminder word om meer ruimte te skep vir hulpwetenskappe.

AKTO het geoordeel dat die voorgestelde nuwe graadstruktuur ’n werkbare moontlikheid bied vir die opleiding van NG Kerk predikante, en het versoek dat die drie fakulteite sal kyk hoe die huidige programme omvorm kan word om in die nuwe matriks opgeneem te word. AKTO het ook die drie kuratoria versoek om met die onderskeie

fakulteite in gesprek te tree oor die kerk se opleidingsbehoeftes. Daarby het AKTO gevra dat die nuwe graadstruktuur in die eerste drie jaar meer ruimte vir vakke uit die geesteswetenskappe sal bied, en dat die moontlikheid van ’n korter roete vir opleiding van tweedeberoep studente oorweeg sal word.

5.7.4 Die opleidingsbehoeftes van die NG Kerk

5.7.4.1 Die formele kursus soos deur die kerk vereis

Die kursus wat deur die kerk vereis word met die oog op legitimasie word deur die *Kerkorde* 2004 bepaal (Reglement 14, punt 4.3).

In die verlede het die kerk die verantwoordelikheid en vryheid vir die inkleding van die onderskeie vakgebiede oorgelaat aan die dosente, wat in die reël ook deur die NG Kerk aangestel was. Intussen het daar by die fakulteite ’n verskuiwing na ekumeniese opleiding plaasgevind, wat meebring dat bepaalde vakke aangebied word deur dosente wat nie van die NG Kerk is nie.

Alhoewel laasgenoemde nie noodwendig ’n probleem hoef te wees nie omdat sulke dosente geakkrediteer word, bring dit wel die vraag na eie opleidingsbehoeftes na vore. Benewens die wins wat ekumeniese opleiding meebring, beteken die feit dat fakulteite nou aan meer denominasies diens lewer, noodwendig dat daar nie volledig in elkeen van die denominasies se eie behoeftes voorsien kan word nie.

In die nuwe situasie is dit nodig dat daar in die opleiding van predikante sterker samewerking tussen fakulteit en kerk sal wees spesifiek oor die bepaling van die inhoud van die kursus. Die kerk kan nie meer soos in die verlede net betrokke wees by die evaluering van die **produk** van opleiding (tydens die proponentseksamen) nie, maar sal ook groter inspraak in die **proses** van opleiding moet hê.

5.7.4.2 Die kerk se inspraak by kurrikulering

Die uitgangspunt is dat die universiteite studente oplei vir hulle bediening in die kerk en die wêreld. Die kerk se behoeftes en die missionêre uitdagings is belangriker as enige teologiese of akademiese agenda! Die stert kan nooit die hond swaai nie – die behoeftes van die kerk is die hond! Die kerk se behoefte aan inspraak in die kursus-aanbieding het nie net te doen met die formele omskrywing van die breë akademiese raamwerk en vereiste vakgebiede nie, maar veral ook met die aanbieding van laasgenoemde. Dit mag beteken dat die kerk in ’n gegewe stadium, in die lig van bedieningseise en die kerk se roepingsverstaan, met die fakulteite onderhandel met die oog op ’n bepaalde fokus in die aanbieding van die onderskeie vakke.

Die vraag is watter meganismes die NG Kerk hiervoor in plek het. In praktyk sal dit waarskynlik aan ’n taakspan/kommissie van kundiges (bv. die beoogde Algemene Kuratorium/Sentrale Eksamenkommissie) opgedra moet word om deurlopend die spesifieke opleidingsbehoeftes te identifiseer, die implikasies daarvan vir die aanbieding van bepaalde vakgebiede (bv. ’n spesifieke fokus) uit te maak, en dit op ’n vakkundig-verantwoordelike manier met fakulteite te onderhandel. Een moontlikheid sou wees om, soos sommige ander kerke reeds doen, elke drie of vier jaar (bv. na afloop van ’n Algemene Sinode) die kerk se opleidingsbehoeftes nuut te formuleer met die oog op gesprekke met die onderskeie fakulteite.

Die genoemde taakspan/kommissie sal naas die verantwoordelikheid om op hoogte te bly van die kerk se verskuiwende bedieningsbehoeftes na binne, uiteraard ook in voeling moet bly met die enorme uitdagings van die kerk vir dienslewering in die samelewing, omdat dit implikasies mag hê vir prioritisering in kursus- en vak-aanbieding.

Dit is byvoorbeeld ’n gegewe feit dat armoede met al die newe-faktore tans die grootste sosiaal-maatskaplike vraagstuk in Suid-Afrika en in Afrika is, en dat armoedeverligting en gemeenskapsontwikkeling as die grootste uitdaging in die volgende twee/drie dekades beskou word. Die kerk is nie net deel van hierdie konteks nie, maar is uit die aard van sy taak en boodskap geroepe om in dienslewering op die voorpunt te wees en ’n verskil te maak. Die vraag is of die opleiding voornemende predikante genoegsaam toerus om met kundigheid ’n visie te dra wat gemeentes hierin kan help.

Vir die NG Kerk is dit uiteraard van groot belang dat die opleiding steeds ’n **gereformeerde karakter** sal hê. Dié vereiste het AKTO in die verslag aan die Algemene Sinode in 2002 as ononderhandelbaar aangedui, en bygevoeg dat die kerk nie daarmee die teologie in ’n eng of konserwatiewe keurslyf wil indwing nie.

AKTO het toe ook ’n aantal minimum vereistes gestel vir kurrikulering en gevra dat kuratoria, fakulteite en dosenterade in gesprek sal bly oor die implikasies hiervan vir die opleiding.

Dit is belangrik om die perspektief te behou dat geslaagde opleiding aan ekumeniese fakulteite nie beteken dat studente van **eie kerklike identiteit** afstand moet doen nie - hulle moet juis duidelikheid daaroor hê. Oor wat laasgenoemde in die praktyk beteken en oor wat die kerk bedoel met die versoek dat gereformeerde teologie verskans word, is nog lank nie klaargepraat nie.

’n Ander invalshoek wat vir die kerk by kurrikulering belangrik behoort te wees, is die benutting van die **profiel** vir die afgestudeerde student (soos reeds aangedui by punt 4). Die profiel verwoord immers ’n verwagte uitkoms in die opleiding. Indien daarmee erns gemaak word sou die kerk op ’n gegewe tydstip ’n toespitsing op spesifieke fokus-areas in die opleiding noodsaaklik ag.

5.7.4.3 Aanvullende opleiding deur die kerk

Alhoewel dit belangrik is dat die fakulteite so ver moontlik in die kerk se opleidingsbehoeftes voorsien, en dit tans ook grotendeels gebeur, mag bogenoemde onderhandelinge daarop uitloop dat spesifieke leemtes geïdentifiseer word waarin die kerk self deur aanvullende opleiding sal moet voorsien.

Die Reglement vir teologiese opleiding maak voorsiening daarvoor dat ad hoc-vereistes by die formele kursus gevoeg word. In die praktyk gebeur dit ook reeds, alhoewel op klein skaal. Voorbeelde hiervan is die verpligte kerklike Bybelkenniseksamen, asook die inrigting van ’n Kerkweek in die akademiese jaar wat deur kerke spesifiek benut word vir aanvullende toerusting.

Die vraag is hoe hierdie leemtes voortaan in die opleiding in praktyk geïdentifiseer en aangevul sal word. Een moontlikheid is dat die beoogde nuwe **sentrale eksamenkommissie** die verantwoordelikheid gegee word om deurlopend die opleiding in die lig van die kerk se bedieningsbehoeftes te evalueer, en waar nodig spesifieke voorstelle

te maak.

'n Verkleinde, maar effektiewe(r) sentrale eksamenkommissie sal tyd- en koste-effektief wees omdat dit duplisering by die drie opleidingsplekke sal uitskakel. Dit sal ook die huidige reëling van 'n groot en duur landswyd-saamgestelde eksamenkommissie vir elke opleidingsplek uitskakel. Die taak en samestelling van so 'n sentrale eksamenkommissie moet egter uitgeklaar word.

5.8 VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING

5.8.1 Die noodsaaklikheid van Voortgesette Teologiese Opleiding in belang van Voortgesette Bedieningsontwikkeling

Soos in ander beroepe word die beginsel van lewenslange leer as 'n noodsaaklikheid vir predikante wêreldwyd erken. Op grond van die besluite van die Algemene Sinode is dit onontbeerlik vir alle predikante om gereeld kursusse en programme in voortgesette opleiding te volg.

Die kerk bied tans aan predikante ruim en uitstekende geleenthede vir voortgesette opleiding via Communitas (by Stellenbosch), Excelsus (by Pretoria) en Evto (by Bloemfontein).

5.8.2 Die behoefte aan die koördinering van opleiding en voortgesette opleiding

Die behoefte dat dat die NG Kerk se teologiese opleiding en voortgesette opleiding nader aan mekaar moet beweeg bestaan reeds geruime tyd. Een van die sterk oorwegings by die instelling van die huidige geïntegreerde kursus was dat wat verloor is aan 'n verkorting van die opleiding (sewe na ses jaar) ondervang sal word deur verpligte voortgesette opleiding.

Ten spyte hiervan het die integrasie en onderlinge aanvulling van opleiding en voortgesette opleiding nie heeltemal gerealiseer nie.

Dit kan goed wees om te kyk na wat ander kerke in hierdie verband doen.

Een moontlike koördineringsmodel wat oorweeg sou kon word is wat tans in die Church of England op die proef gestel word. In die besinning oor teologiese opleiding het dié kerk tot die oortuiging gekom dat die **skeiding tussen opleiding en voortgesette opleiding** 'n verkeerde benadering (*fault line*) in die vorming van predikante is (*a lack of cohesiveness and coordination in these provisions either side of ordination*, Hind verslag).

Om dit te oorbrug is nou aanvaar dat die formele opleiding uit twee dele bestaan: 'n *pre-ordination phase* gevolg deur 'n verpligte *post-ordination phase* in die eerste twee bedieningsjare. As motivering vir die besluit om die eerste twee of drie bedieningsjare deel van die formele opleidingstruktuur te maak, word drie redes genoem: eerstens moet aanvaar word dat die teologiese kursus nie in alle opleidingsbehoeftes kan voorsien nie; tweedens is daar aspekte van die opleiding wat meer effektief aangebied kan word in 'n praktiese gemeentekonteks; en derdens word hiermee bygedra tot die vestiging van 'n kultuur van voortgesette opleiding en lewenslange leer. *The intention is that the programme of Post-ordination Education and Training (POET) will be an obligation for all ministers…. The arrangements for this programme are to be made part of the settlement agreement for each new minister.*

Drie fases van opleiding word dus erken: eerstens opleiding met die oog op legitimasie, daarna twee of drie jaar van verpligte afronding waartydens aanvullende modules afgehandel word (gedeeltelik via afstandsonderrig), gevolg deur voortgesette opleiding vir die duur van die bediening.

Church of England, HIND-Report, punt 6

Our starting point for considering the formation and training of the clergy is the goal of promoting lifelong learning. No system of initial training should aim to give all the training, formation and education required for ministry upfront. Rather it should seek to give an adequate basis for the beginning of ministry and, further, set ministers on the pathway towards lifelong learning.

However, as currently configured, we believe there is a 'fault line' in the organization of the ministerial education of the clergy between the pre-ordination and-post-ordination phases. Theological colleges…are responsible for the former, while training incumbents oversee the latter. For candidates there is little or no visible connection between the two phases of training. Our proposal is to reconfigure initial training, so that it extends from entry into training, up to ordination, and throughout the first curacy, in order to give impetus to setting up patterns of lifelong learning in the clergy.

HOOFSTUK 6 *

* Hierdie hoofstuk van die A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk is deur die Algemene Sinode 2007 terugverwys vir verdere studie en aanbevelings. Tans staan die beleid soos beskryf in Die *Kerkorde* van 2007 (Reglemente 3 & 12). Let daarop dat hierdie die A tot Z-Beleidsagtergrond is.

LEGITIMERING EN ORDENING

6.1 ONDERSKEID LEGITIMASIE EN ORDENING

6.1.1 Legitimasie

Legitimasie is die verlening van bevoegdheid aan 'n persoon en die beskikbaarstelling van daardie persoon aan die kerkverband met die oog op beroeping. Bepaling 2.1 van Reglement 3 (*Kerkorde* 2004) omskryf dit as iemand wat:

*"*2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het,

2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het,

2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is..."

Die tradisionele onderskeid tussen legitimasie en ordening is dat ordening eers plaasvind na die uitwendige roeping deur 'n gemeente.

6.1.2 Ordening

Deur ordening (bevestiging) word die leraar wat deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is, in die amp bevestig. Ordening beteken die amptelike (ordelike) handeling van die kerk waardeur 'n opgeleide persoon in diens van die Evangelie gestel word. Dit dui op die **proses** waardeur die kerk bevestig dat 'n persoon diensbaar aan die Evangelie is sowel as **die liturgiese praktyk** waardeur so 'n persoon toegelaat word tot die amp. Die liturgiese praktyk geskied by wyse van 'n formulier, deur gebed en met handoplegging.

Die huidige bepalings beteken dus dat 'n proponent deur bevestiging die bevoegdheid van predikant ontvang. In *Kerkorde* 2004 staan by Bepaling 1.2 van Reglement 3: *"*Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die bedienaar van die Woord is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat deur die daad van ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n ampstatus wat aan die persoon kleef en aan hom/haar sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat hy/sy hulle amp binne gemeentelike of kerkverband beklee nie."

6.2 ONDERSKEID: INWENDIGE EN UITWENDIGE ROEPING EN BEVOEGDHEID AS PROPONENT EN PREDIKANT

6.2.1 Inwendige roeping

Dit is wanneer iemand die innerlike roeping ontvang. Legitimasie is die finale bevestiging van 'n persoon se inwendige roeping en die beskikbaarstelling van 'n opgeleide persoon aan die kerkverband in afwagting op die uitwendige roeping.

Op hierdie stadium word aan so 'n persoon die bevoegdheid van proponent verleen. ("'n Proponent is iemand wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, deur middel van legitimasie vir die bediening van die Woord bevoeg verklaar is en beskikbaar is om 'n beroep te ontvang." (*Kerkorde* 2004, Bepaling 3.1 van Reglement 3)

6.2.2 Uitwendige roeping

Dit is wanneer iemand wat innerlik geroep is, die nodige opleiding ondergaan het, goedgekeur is vir evangeliebediening en dan beroep (uitwendig geroep) en georden word om Evangeliedienaar te wees. So 'n persoon ontvang die bevoegdheid van predikant. ("'n Predikant is iemand wat ook deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is, en in die amp bevestig is" (*Kerkorde* 2004, Bepaling 2.1 van Reglement 3).

6.3 BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE?

Die huidige bepalings verwoord 'n beskouing dat persone wat nie 'n uiterlike roeping ontvang het nie se dienswerk net tot Woordverkondiging beperk is. Proponente mag op uitnodiging van 'n kerkraad die Woord tydens eredienste en ander geleenthede verkondig (Bepaling 3.2 van Reglement 3). Proponente mag nie sakramente bedien nie (Die Algemene Sinode van 2004 het juis hierdie aspek vir verdere studie verwys: "of daar sekere bedieningstake (bv. sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word." Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p. 18).

Proponente mag nie simboliese gebare wat gepaard gaan met die Woordbediening en liturgie uitvoer nie (die Algemene Sinode van 2004 het hierdie aspek vir verdere studie verwys: "Beskrywingspunt Noord-Transvaal: Die Algemene Sinode word versoek om goed te keur dat proponente die simboliese gebare by seëngroet en seën, wat gepaard gaan met die Woordbediening in die liturgie en prediking, kan uitvoer." Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p.18).

Die betrokke reglement spreek hom nie uit oor enige ander aspekte van die dienswerk van predikante wat nie vir proponente beskore is nie. Hier word byvoorbeeld gedink aan die diens van gebede; die kerklike onderrig in samewerking met die ander ampte en die gelowiges; die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek saam met die kerkraadslede en die ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is gestaltes van dienswerk wat in praktyk gereeld deur predikante behartig word en wat nie op goeie teologiese gronde weerhou kan word nie.

Predikante beklee die amp soos omskryf in Artikel 9 van die *Kerkorde*. (Let daarop dat Artikel 9 in *Kerkorde* 2007 herformuleer is.) FONT by die

6.4 MOET 'N PREDIKANT AAN 'N GEMEENTE GEKOPPEL WEES VIR BEVOEGDHEID?

Reglement 3 (*Kerkorde* 2004) bepaal in 1.3: "Die amp funksioneer binne gemeentelike verband met dien verstande dat persone in 2.3 genoem, naamlik die wat deur die kerkverband beroep is as dosente aan die teologiese opleidingsentra van die NG Kerk of in diens van ringe, sinodes of die Algemene Sinode, per ooreenkoms met 'n gemeente in 'n gemeente beroep en bevestig kan word. Predikante in diens van die kerkverband en teologiese dosente het beperkte ampsbevoegdheid wat beperk is tot die bediening van Woord en sakramente tensy hulle, benewens hulle verbandswerk, ook per ooreenkoms met 'n gemeente na die gemeente beroep en bevestig is as predikant. In laasgenoemde geval verkry hulle volle ampsbevoegdheid."

Dit is duidelik dat ampsbevoegdheid en ampsbegrip in die NG Kerk baie sterk aan ’n gemeente gebonde is. Dit bou voort op ’n bedieningverstaan wat baie sterk op die instandhouding van die gemeente fokus. Die byna eksklusiewe koppeling aan ’n gemeente het die NG Kerk reeds voor etlike praktiese probleme gestel.

Daar bestaan al soveel uitsonderings op die sterk koppeling aan ’n gemeente dat dít alleen al die kerkverband verplig om opnuut na te dink oor die teologiese begronding van die koppeling van die predikant net aan ’n gemeente. Van die uitsonderings is:

- Dosente wat beroep word om studente aan teologiese opleidingsentra op te lei.
- Kapelane word deur gemeentes beroep, maar waar ’n gemeente nie gevind kan word nie of waar praktiese omstandighede dit noodsaak, word kapelane deur die Algemene Sinode beroep.
- Sekretarisse van die Bybelgenootskap word deur die Algemene Sinode beroep.
- Hoofde van kinderhuise word deur die Algemene Sinode beroep.
- Predikante in sinodale diens het die bevoegdheid van predikant, hoewel hulle nie binne gemeentelike verband funksioneer nie.

Die saak word verder gekompliseer deur die groot aantal uitsonderings wat veroorsaak dat persone predikantsbevoegdheid ontvang hoewel hulle nie binne gemeentelike verband funksioneer nie, soos in gevalle waar:

- Predikante ingevolge *Kerkorde* 2004, Artikel 12.7.2 en 12.7.3 demissie ontvang het.
- Emeriti ingevolge *Kerkorde* artikel 14 uit diens tree.
- Predikante ingevolge bepaling 2.5.1.2 van die Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk deur kerkvergaderings of hulle gemagtigdes uitgestuur word vir getuieniswerk. (Predikante wat ingevolge bepaling 2.5.1.3 van die Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk werk by ander kerke of sendingorganisasies aanvaar, kan egter net proponentsbevoegdheid behou).

Die vraag ontstaan of die kerkverband nie alle proponente, wat reeds geskik bevind is om beroep te kan word, kan orden nie?

Die bestaande reglement bind die funksionering van die amp so sterk net aan ’n gemeente, dat dit nie ruimte laat vir die missionêre aard van die kerk se werk, die kerk se roeping teenoor die wêreld en al hoe meer geleenthede wat oopgaan vir die kerkverband om die wêreld te bedien met die Evangelie en die praktyk van die Evangelie nie. Die sterk binding van die amp aan ’n gemeente alleen, en slegs by uitsondering aan werk in diens van die kerkverband, verskraal die moontlikhede.

Die waarskuwing van Guder, met verwysing na Dawid Bosch se werk, is hier toepaslik: *Across Christian history the challenge has been to form the church’s institution to serve its mission, and the problem has been that the ways in which the institution has taken over and shaped the mission. That instructional takeover has invariably been reductionistic of the gospel and the church’s missional vocation.* (Guder, D.; The continuing Conversion of the Church, 2000, Eerdmans, Grand Rapids, p.182)

Die ondersoek na ’n Nuwe-Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die NG Kerk (Agenda Algemene Sinode 1998. p. 217-221) het reeds aangedui dat die kerk in die lig van sy bedieningsopdragte, soos in die Skrif gegee en die praktiese situasies waarbinne die onderskeie gemeentes hulle bevind, die spesifieke bedieningsvereistes kan bepaal.

Erns met die Roepingsverklaring van die NG Kerk (Algemene Sinode 2002) sal noodwendig lei tot ’n ruimer verstaan van die amp en die oopmaak van geleenthede om juis uitvoering te gee aan die Roepingsverklaring. Die Roepinsgverklaring lui onder meer:

"**verbind ons ons opnuut tot ons vasteland, in die besonder Suider Afrika.** Die tragiese verhale van die allerverskriklike vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die gevolge van die vigspandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap;

verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en saam met alle ander Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig;

roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as 'sout van die aarde' en 'lig van die wêreld' God se Koninkryk wil laat kom."

6.5 'N NUWE BENADERING

6.5.1 Aanbeveling*

Daar word in die lig van bogenoemde voorgestel dat:

6.5.1.1 Weggedoen word met die hele konsep van bevoegdheid as proponent.

6.5.1.2 Besluit word dat persone wat gelegitimeer is en voldoen aan die vereistes gestel in Bepaling 2.1 van Reglement 3, naamlik as iemand wat: *"*2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het, 2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het, en 2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is*..."* bekend staan as 'n predikant.

6.5.1.3 Besluit word dat aan so 'n persoon al die bevoegdhede verleen word wat in Artikel 9 beskryf word, met dien verstande dat sekere van die bevoegdhede net uitgeoefen kan word wanneer die uiterlike roeping gestalte vind in die beroeping na 'n gemeente. Hier word verwys na die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderlinge en diakens; die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die opsig en tug oor die gemeente en die gee van leiding aan kerkraad- en ander kerkvergaderinge.

6.5.1.4 Teologiese studente wat hulle studies voltooi en aan die vereistes voldoen, georden word as predikante en diensbaar gestel word aan die kerkverband, maar ook aan die sending van die kerk aan die wêreld.

6.5.1.5 'n Predikant telkens met die aanvaarding van 'n beroep in die nuwe werkkring, georden word as uitdrukking van die uitwendige roeping.

* Hierdie reeks aanbevelings, en ook dié waarna verder in die hoofstuk verwys word, is nie goedgekeur nie. Hoofstuk 6 van die **A tot Z-Beleid** aangaande predikante van die NG Kerk is deur die Algemene Sinode 2007 terugverwys vir verdere studie en aanbevelings. Tans staan die beleid soos beskryf in Die *Kerkorde* van 2007 (Reglemente 3 & 12). Let daarop dat hierdie die **A tot Z-Beleidsagtergrond** is.

6.5.2 Motivering

6.5.2.1 Die wegdoening met die konsep van bevoegdheid as proponent verlos die kerkverband van uiters komplekse prosedures om die onderskeie bevoegdheidsregisters by te hou en telkens veranderings aan te bring na gelang van die situasie.

6.5.2.2 Die wegdoening met die konsep van bevoegdheid as proponent los die onhoudbare situasie op dat proponente nie sakramente mag bedien nie en bied dus ’n antwoord vir die anomalie dat daar tans ’n onderskeid in die NG Kerk bestaan tussen Woord- en sakramentsbediening. Die belydenisskrifte handhaaf die gelykheid van Woordbediening en sakramentsbediening en verskeie gereformeerde kerke onderskei nie bevoegdheid om die Woord te bedien van die bevoegdheid om sakramente te bedien nie.

6.5.2.3 Die belangrike rol van uitwendige roeping hoef nie vertolk te word in ’n ander benaming nie. Daar is geen rede hoekom persone wat gelegitimeer is nie as predikante bekend kan staan nie. Die uitwendige roeping vind nie neerslag in ’n benaming nie, maar wel in bediening.

6.5.2.4 Die groeiende besef van die belang van missionêre kerkwees het ingrypende gevolge vir die verstaan en verruiming van die rol van ampte en in die besonder die rol van die predikant. Predikante word nie net opgelei om bestaande gemeentes in stand te hou nie, maar ook om as gestuurdes deel te neem aan God se sending na die wêreld. Die beroeping na ’n gemeente is nie die enigste vorm van uitwendige roeping nie. Die taak teenoor die wêreld kan ook beteken dat die kerkverband al sy gelegitimeerdes beskikbaar stel om op verskillende wyses deel te neem aan God se sending na die wêreld.

6.6 LEGITIMASIE/ORDENING

6.6.1 Gemeente

Getuienis oor geskiktheid vir legitimasie: Aangesien die opleiding voorsiening maak dat die student die laaste studiejaar ’n gemeentejaar doen, is dit die mees onlangse gemeente waarvandaan ’n getuienis ingewin kan word.

Kerkorde 2004 se Reglement 14 bepaal:

“5.1.3.1 ’n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.”

Die bepaling kan gehandhaaf word.

6.6.2 Ring

6.6.2.1 Finale evaluering

Die uitkoms van die begeleidingsproses is ’n finale verslag wat die begeleidingskommissie in gesprek met die teologiese student opstel.

Die verslag gee aandag aan:

- Die student se roeping.
- ’n Persoonlike getuienis oor geloofsekerheid en die ervaring van die genade van God.

- Die student se oortuiging oor wat dit beteken om teologiese opleiding in die gereformeerde leer te ontvang.
- Die student se getuienis oor sy/haar lewensverhaal, wat insluit sy/haar sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid.
- Die student se getuienis oor sy/haar verstaan van die inhoud van 'n predikant se dienswerk, wat insluit sy/haar bewussyn van sy/haar gawes en groeigeleenthede.

Die finale verslag word deur die kuratorium ontvang met die oog op toestemming tot legitimasie.

6.6.2.2 Verslag aan kuratorium

Daar word aanbeveel dat die ring 'n verklaring oor die geskiktheid vir legitimasie uitreik na luid van die volgende: "'n Verklaring van die ring binne wie se resort die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag", en dat die betrokke reglement dienooreenkomstig gewysig word.

6.6.3 Sinodale verband - kuratorium

6.6.2.3 Legitimasie

Artikel 5 van *Kerkorde* 2004 bepaal:

"5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

5.1.1 'n geskiktheid vir die amp;

5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding; en

5.1.3 die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is."

6.6.2.4 Aanmelding by AS (Algemene Taakgroep Regte)

Die rol van die Algemene Sinode word verduidelik in Reglement 14.

Die Eksamenkommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating. Die omvang word as volg vasgestel in 'n bepaling van die *Kerkorde*:

"5.1.2 **Omvang van proponentseksamen**

5.1.2.1 Die proponentseksamen bestaan uit 'n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die eksamenkommissie van die kuratoria afgeneem.

5.1.2.2 Die ondersoek na bedieningsvaardigheid word deur die eksamenkommissie gedoen met die oog op die volgende:

5.1.2.2.1 die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;

5.1.2.2.2 sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde student);

5.1.2.2.3 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikkunde, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor 'n lid van die eksamenkommissie

gelewer is. Met die oog hierop moet ’n voorgeskrewe proefpreek ’n maand voor die eksamen ingelewer word;

5.1.2.2.4 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die eksamenkommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in ’n gemeente gedoen het.

5.1.2.2.5 Verder word die geskiktheid van die kandidaat in ’n samespreking tussen die eksamenkommissie en die raad van NG Kerk-dosente bespreek. Die raad van NG Kerk se dosente bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrug gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van ’n diensdoenende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen is van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente ’n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.

5.1.3 **Bykomende vereistes**

5.1.3.1 ’n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.

5.1.3.2 ’n Mediese sertifikaat op ’n voorgeskrewe vorm ten opsigte van goeie gesondheid.

5.1.3.3 Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal.”

Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die Eksamenkommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die eksamenkommissie voor.

6.6.2.5 Legitimasie

As bepaling in ’n nuwe Reglement van die *Kerkorde*:

“5.3 Legitimasie

5.3.1 Die Algemene Regskommissie behartig die legitimasie van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie kommissie sien toe dat die legitimasieverklaring afgelê en onderteken word.

5.3.2 **Plegtige toelating**

Die geëksamineerde word met ’n gepaste woord deur die aktuarius van die Algemene Sinode of ’n lid van die Algemene Regskommissie tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van ’n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. ’n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Regskommissie, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent”.

6.7 ORDENING *EN BEROEPING*

Beroeping en Bevestiging geskied volgens die bepalings van die *Kerkorde*.

HOOFSTUK 7

VERKRYGING, BEHOUD, VERLIES EN HERSTEL VAN BEVOEGDHEID[12]

7.1 INLEIDEND

Bevoegdheid as predikant word deur die Algemene Sinode verleen deur middel van die Algemene Taakspan Regte (ATR). Vanaf hierdie oomblik behoort daar ook ’n duidelike verantwoordelikheid te rus op ’n sentrale kantoor waar daar rekord gehou word van elkeen wat gelegitimeer is.

Die bedoeling met sodanige sentrale kantoor is nie net kontrole nie, maar dienslewering moet eerder voorop staan. Hierdie dienslewering bestaan uit hulpverlening aan die gelegitimeerde in verband met bevoegdheid, behoud daarvan, aanstelling as huweliksbevestigers en aanverwante sake. Vir die gemeentes is die kantoor ’n bron van inligting en ondersteuning.

7.2 VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE KURATORIUM

Die betrokke teologiese instelling stuur net na legitimasie die lêer van elke afgestudeerde na die Sentrale Kantoor. Elke gelegitimeerde ontvang dan ’n bepaalde registrasie-nommer (met ’n letter P vooraan, in onderskeiding van die S-studentenommers). Hierdie nommer geld deurgaans vir die betrokke persoon as verwysingsnommer tot by afsterwe.

7.3 DIE ROL VAN ’N SENTRALE KANTOOR:

7.3.1 Huweliksbevestiging

Die sinodale kantoor is behulpsaam met die verkryging van die bevestigde leraar se aanstelling as Huweliksbevestiger. Kopieë van sodanige aanstelling word gehou by die sentrale kantoor. Enige verskuiwing van die leraar (selfs wat adres betref) of verandering (verlies van bevoegdheid) word aangeteken by hierdie sentrale kantoor.

7.3.2 Jaarlikse aanmelding

Elkeen met bevoegdheid moet jaarliks aanmeld by hierdie sentrale kantoor. Dit gaan gepaard met ’n bepaalde registrasiefooi wat gehef word.

Die jaarlikse aanmelding sal verseker dat niemand per ongeluk êrens “deurval” nie. Gegewe die feit dat daar net een register is waarby almal aanmeld, is daar nie sprake van ’n migrasie tussen diegene in gemeentes en diegene wat nie beroep, bevestig, of selfs vanweë bedryfsvereistes losgemaak is nie.

By hierdie sentrale kantoor moet predikante ook, saam met hulle gegewens,

[12] Hier word nie verreken hoedanig die ampsbeskouing mag verander nie. Daar word uitgegaan van die bestaande en dit word ook so bespreek. Daar word verder deur die ATR aandag gegee aan die totstandkoming van ’n Algemene bevoegdheidsraad. Aanbevelings in hierdie verband word vir die Algemene Sinode van 2007 voorberei. Inligting in hierdie hoofstuk word in hierdie aanbevelings in ag geneem.

minstens een maal per jaar aandui (met die nodige dokumentasie) watter geleenthede vir voortgesette bedieningsontwikkeling bygewoon is sodat dit ook (binne die periodes wat daarvoor geld) aangeteken kan word.

Slegs van hierdie kantoor af word gegewens jaarliks aan die Jaarboek vir publikasie gestuur.

Die kantoor lewer ’n volledige administratiewe funksie. Uit die jaarlikse aanmeldingsfooie word die kantoor bedryf.

Hierdie kantoor sal uiteraard ten nouste skakel met die voorgestelde Tribunaal/Tribunale.

Alle aansoeke van predikante uit ander kerke word deur die Sentrale Kuratorium oorweeg en hulle wys die nodige weg aan.

Herstel van bevoegdheid wat verloor is, geskied op een van twee wyses:

- Indien bevoegdheid verloor is vanweë administratiewe nalatigheid deur die predikant kan dit by wyse van vertoë deur die ATR hanteer word (soos tans die geval is). Dit moet egter binne die eerste jaar na verlies van bevoegdheid geskied.
- In alle ander gevalle geskied dit by wyse van ’n eenvormige *colloquium doctum* wat deur enige van die opleidingsplekke se Proponents-eksamenkommissie afgeneem word. Die eenvormige *colloquium doctum* veronderstel ’n skriftelike eksamen sowel as die mondelinge gesprek (indien die skriftelike deel suksesvol was). Reglement 3 word dienooreenkomstig aangepas.

HOOFSTUK 8
BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID
EN
VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

8.1 ALGEMEEN

Bedieningsvaardigheid raak ’n belangrike saak aan wat gebaseer word op die reg van die gemeente dat die geestelike leier in die persoon van die predikant vir sy/haar taak goed opgelei en ingeoefen is. Dit impliseer ook dat lewenslange leer ononderhandelbaar is in ’n samelewing wat met rasse skrede ontwikkel en verander.

Bedieningsvaardigheid veronderstel ’n aantal onderliggende **waardes**. Twee belangrike sake vorm die hoeksteen hiervan naamlik **selfsorg** en “**die ander**” – die toelating van ander om te sorg vir die predikant asook verantwoordelikheid neem vir die ander. Hieruit kan die volgende sake afgelei word:

8.1.1 Bedieningsvaardigheid: die predikant van die NG Kerk is bevoeg vir die diens waarin hy/sy staan. Hierdie bevoegdheid veronderstel die regte kennis, vaardigheid en ingesteldheid t.o.v. die unieke teologiese tradisie waarin hy/sy staan asook die eise wat in hierdie tyd gestel word.

8.1.2 Selfsorg: die predikant in diens van die NG Kerk aanvaar op grond van sy/haar roeping tot die bediening die verantwoordelikheid vir sy/haar geestelike, emosionele, psigiese, sosiale, fisiese en materiële welstand as individu.

8.1.3 Selfstudie as basis vir lewenslange leer: die predikant in diens van die NG Kerk is voortdurend besig om sy/haar kennis, vaardighede en houding aan te vul deur doelgerigte studie. Selfstudie veronderstel die wil (begeerte) om doelgerig te werk aan die sake wat die persoon in staat stel om sy/haar roeping as predikant effektief uit te voer.

8.1.4 Mentorskap is ’n verhoudings- en vennootskapsproses waartydens die begeleide op die terreine van spiritualiteit, professionaliteit, vakmanskap en verhoudings deur ’n mede-predikant begelei word tot groei en aanpassing in nuwe situasies.

8.1.5 Voortgesette bedieningsontwikkeling en teologiese opleiding: predikante van die NG Kerk word deur ’n proses van voortgesette teologiese opleiding toegerus om hulle bediening met bekwaamheid uit te voer. Die NG Kerk aanvaar verantwoordelikheid om predikante voortdurend toe te rus vir die eise van die dag (sien 2 hieronder).

8.1.6 Teologiese integrasie in belang van die bediening veronderstel die ontwikkeling van die vermoë om teologies te dink in die bepaalde konteks. Dit is die vermoë om die lewe te benader vanuit die lens dat dit ’n gawe van God is wat tot sy eer geleef moet word. Teologiese integrasie beskerm die predikant ook van eensydighede (soos enkelvoudige fokus op lieflingsvakke; vakkundiges wat verdwaal in hulle torinkies) en ’n oppervlakkige kyk op die lewe.

8.1.7 Inspirasie vs. uitbranding en verwering: die doel van selfsorg en sorg aan die predikant deur ander (mentor, Voortgesette Bedieningsontwikkeling wat ook voortgesette teologiese opleiding insluit, ens.) moet lei tot inspirasie om met toewyding en kreatiwiteit te dien. Hierteenoor is uitbranding en verwering

dikwels tekens van ’n gebrek aan groei en balans.

8.1.8 Spiritualiteitsontwikkeling: die predikant leef soos alle gelowiges *coram Deo*. As geestelike leier moet die predikant in sy/haar wandel voor en met die Here groei in sy/haar spiritualiteit en ook al hoe meer vertroud word met die omvang en inhoud van daarvan soos dit in die tradisie van die Christelike geloofsgemeenskap ontwikkel het en in die huidige praktyk gestalte vind.

8.1.9 Die predikant in sy/haar eerste gemeente beleef ’n tydperk van groot kwesbaarheid en dikwels ’n tyd van isolasie en ontgogeling wat al daartoe gelei het dat leraars in die eerste gemeente ernstige vrae oor hulle roeping geopper het. Hierdie kwesbaarheid hang verder saam met die feit dat die oorgang van die teologiese opleiding na die beroep in praktyk vir predikante sonder probleme is nie. Daarom is dit belangrik dat die kerk saam met leraars in hierdie tyd van aanpassing loop en hulle ondersteun.

8.1.10 Die kerkverband (sinode en ring) neem verantwoordelikheid vir die predikant deur begeleiding, motivering en vermaning (indien nodig). Die funksie van die ring is om motiverend, koördinerend en toesighoudend op te tree t.o.v. Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) (wat ook Voortgesette Teologiese Opleiding insluit (VTO)) en die mentorprogram. Die ring sorg dat die beleid en voorskrifte van die Algemene Sinode se Voortgesette Bedieningsontwikkeling en mentorprogram uitgevoer word.

8.1.11 Bogenoemde kan soos volg voorgestel word:

- Drie lense wat elk bydra tot die helderheid van bedieningsvaardigheid.
- SELFsorg/-studie met die klem op eie verantwoordelikheid. Alles begin hier. Dit maak die deur oop vir samewerking t.o.v. Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en die Mentorprogram.
- MENTORprogram as toespitsing van ’n proses van begeleiding waar die kerkverband ’n belangrike rol speel.
- Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) waardeur formele- en praktykopleiding gestalte kry.
- GELOOFSGEMEENSKAP: hiermee word bevestig dat die predikant deel van ’n groter groep is waarbinne hy/sy lewe en dien.
- Die volgende grafiese voorstelling bevestig die beweging en interaksie tussen die drie lense. Daar is momente van interafhanklikheid én onafhanklikheid. Indien net op een gefokus word, word die balans versteur.



8.2 VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING

8.2.1 Inleidend

Byna niemand twyfel meer oor die noodsaak van voortdurende en voortgesette opleiding in belang van beroepsvaardigheid nie. Die Algemene Sinode self neem sy eerste besluit in hierdie verband reeds in 1978. In belang van die agtergrond tot die beleidstellings word die verslag wat in 2002 voor die Algemene Sinode gedien het, hier opgeneem.[13]

[13] Handelinge Algemene Sinode 2002: A.17.2 ALGEMENE KOMMISSIE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING: Tweede Verslag, p 495-497.

1. INLEIDEND

Sedert 1978 is voortgesette teologiese opleiding op die tafel van die NG Kerk. Mooi (en korrekte) besluite staan op skrif: “Die Algemene Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van voortgesette indienstoerusting van predikante. Die sinode oordeel dat sodanige toerusting as verpligtend vir alle predikante, op koste van kerkrade, in werking gestel moet word en dra dit aan die AKAE op, om in oorleg met die Kuratoria van die Teologiese inrigtings, dit op vaste grondslag te organiseer” *(Acta 1978: 650 & 916).* Hierdie besluit is op verskillende maniere herhaal en geïnterpreteer. Dit is nie nodig om in hierdie kort voorlegging die noodsaak van die saak beredeneer nie. Hopelik staan die wenslike noodsaak daarvan bo verdenking. Wat hieronder volg is ’n poging om:

* 'n weg te vind om uitvoering aan hierdie besluite te gee vir predikante wat reeds in die bediening is,
* om momentum aan dringende besluite te gee vir die toekoms van teologiese en voortgesette teologiese opleiding vir diegene wat nou vir teologiese studies (met die oog op die bediening in die NG Kerk) aanmeld. Die kerk kan bekostig om langer te wag nie. Die beroep van predikant wat reeds onder groot druk is, is in gedrang. Schaller (1994:21) skryf:

From the perspective of the year 2018, perhaps the most far reaching bad news is the inability of today's theological seminaries to attract adequate numbers of highly competent, exceptionally gifted, deeply committed, and clearly extroverted adults born after 1965 who possess a compelling call to parish ministry....The time has arrived for a new system for enlisting, training, screening, and credentialing the next generation of parish pastors.

2. LEWENSLANGE LEER VIR HUIDIGE PREDIKANTE KORPS

Sedert die eerste besluit in hierdie verband in 1978 geneem is, het die Suid Afrikaanse samelewing dramaties verander. Die meeste, indien nie alle leraars nie, werk in ’n samelewing waarvoor hulle nie opgelei is nie. Intussen is die mense wat bedien word opgelei en heropgelei in hulle beroepe ten einde binne hierdie samelewing te oorleef en kreatief aan die vormgewing daarvan deel te neem. Die mediese beroep is hiervan ’n goeie voorbeeld. Ander beroepe het in ’n sekere mate by “ons beroep” verbygegaan.

Die sinode het die keuse:

* om voort te gaan soos tans, naamlik dat predikante vrywel op ’n vrywillige basis aan voortgesette opleiding deelneem

OF

* om tydens hierdie sitting van die sinode te besluit om hierdie opleiding afdwingbaar te maak en dit aan die SKG opdra om reeds in 2004 die ASK te dien met riglyne oor die uitvoering van sodanige afdwingbaarheid.

3. NUWE STUDENTE

Die verstaan en belang van voortgesette teologiese opleiding vir diensdoenende predikante “verplig” die kerk tot nadenke oor die opleiding van nuwe studente wat vir die bediening in ’n gemeente binne die NG Kerk aanmeld. Om hierdie redes kon die Kommissie nie anders as om ook hieroor na te dink nie.

3.1 GEMEENTE, PREDIKANT EN ROEPING - EN GOD!

Dit is waarskynlik lank reeds tyd dat weer besin word oor die betekenis van die beroep (roeping) van die predikant en die plek daarvan binne die breër missio Dei. Die predikant is beroepsmens en vervul sy taak soos enige ander gelowige “asof vir God en nie vir mense nie”. Dit kan tot ’n mate die “sekularisering” van die predikantsberoep genoem word (Nel 2002:153).

Dit kan gebeur wanneer:

* met God en sy betrokkenheid by die wêreld, ook in hierdie beroep, opnuut erns gemaak word;
* die rol van die gemeente in die plan van God herwaardeer word en sy regmatige plek inneem (die gemeente se rol in die bepaling van die inhoud en behoud van die beroep is waarskynlik te klein);
* die predikant as mens en as begaafde mens sterker in spel gebring en getoets word. Ander beroepe sou dit beroepsgeskiktheid noem;
* meer ander aandag aan die ontwikkeling van die predikant as leier gegee word.

Met die moontlikheid om vanweë die beperkte omvang van hierdie verslag verkeerd verstaan te word, kan samevattend gestel word dat roeping tot voltydse bediening in 'n gemeente inhou dat die geroepene:

* sy/haar beroep as vervulling van die lewensdoel as skepsel verstaan;
* gewillig is vir en verbind is tot dit wat in hierdie beroep vereis word, hoe omvattend en veeleisend en riskant dit ook al is (daar is ander minder riskante beroepe wat net soseer roeping van God is);
* die eis en implikasies van lewenslange leer aanvaar vir die opleiding tot en voortgesette beoefening van die beroep (voorgesette bedieningsontwikkeling);
* lewenslange evaluering as deel van die voorreg om hierdie beroep te beoefen, erken en verbindend aanvaar.

3.2 KONSEKWENSIES

Bogenoemde uitgangspunte het konsekwensies vir die opleiding van nuwe studente vir die bediening in 'n gemeente binne die NG Kerk. Hierdie konsekwensies word in 3.2.1- 3.2.6 kortliks opgesom. In breër trekke kom dit hierop neer:

* Nie almal wat vir teologiese opleiding aanmeld, hoef vir aanmelding tot die voltydse bediening in aanmerking te kom nie. Volgens Gibbs (2000: 101, 108) word (minstens in die VSA) die persone wat aanmeld vir opleiding, ouer. Diegene wat direk na skool aanmeld en sê dat hulle geroep is, word in alle billikheid slegs opgelei op die basis van hulle toekomstige (ongetoetste) potensiaal eerder as wat hulle opleiding die ontwikkeling van reeds bestaande (en bewese) en operatiewe bedieningsgawes is. Enige student is welkom om teologie as opleiding te kies, maar daar is geen vanselfsprekendheid dat hier 'n voltydse predikant/leraar/pastor in wording is nie. Hierdie studente is daar (en is so kosbaar soos enige ander student in enige ander fakulteit) *due to their having fulfilled the academic entry requirements but without any assessment of their sense of call to the ministry, their suitability or their individual gifting* (Gibbs 2000:101).
* Van die persoon wat vir opleiding met die oog op voltydse bediening as predikant/leraar/pastor aanmeld, word vereis om hom/haar te vergewis van die omvang van die beroep, die opleiding en wat die vereistes is om in hierdie beroep akkreditering te behou. Voortgesette opleiding en evaluering is onverhandelbaar deel van hierdie vereistes.
* Teologiese opleidingsinrigtings neem die leiding om die ontwikkelende kloof tussen opleiding en bediening te oorbrug. Gibbs (2000:92-119) en Miller (1997: 188) toon oortuigend aan waarom dit krities belangrik is vir die toekoms van opleiding en kerk. Om dit in enkele van Miller (1997:188) se woorde te sê: *Seminaries, in contrast (to professional graduate education) should be professional schools where people are mentored and taught while they serve within local congregations. Learning disconnected from day-to-day practice may be appropriate for those pursuing a Ph.D. and doing graduate-level research, but I am not certain that it is appropriate for those responding to a pastoral calling. Indeed, I would favor downsizing the physical plant of most seminaries and increase creating 'lay-institutes' on campuses of larger mainline churches* (Nel 2002: 163-164).

Van die belangrikste konsekwensies is:

3.2.1 ***Werwing*** van kandidate word ’n gemeentelike aksie, en gemeentes beveel kandidate vir teologiese opleiding aan.

3.2.2 ***Keuring*** impliseer kennis van die beroep, opleidingsvereistes vir hierdie beroep, vereistes vir lewenslange opleiding en evaluering ten einde beroepsbevoegdheid te behou.

3.2.3 ***Keuring*** impliseer ook differensiasie binne die opleiding.

3.2.4 ***Opleiding*** impliseer nie vanselfsprekend ***keuring en legitimering*** *nie* - wie hiervoor in aanmerking wil kom, kan op ’n tyd soos deur die kerk bepaal (tydens die studie) aanmeld vir ***keuring***.

3.2.5 ***Opleiding en keuring*** impliseer ***kontraktering*** tot voldoening aan die vereistes vir opleiding en voortgesette opleiding.

3.2.6 ***Opleiding, keuring***, ***kontraktering en legitimering*** verplig tot ***voortgesette opleiding en evaluering*** vir die behoud van beroepsbevoegdheid.

Die kerk moet óf erken dat hy die beroep van die predikant as minder waardevol en minder belangrik beskou óf die moed hê om kritiese besluite oor die beroep te neem. “Die kern van die inset van die mediese professie hou verband met ’n stelsel wat onder andere *vereis* dat 'n *minimum* aantal *punte* deur elke individu in die beroep jaarliks behaal moet word om te verseker dat sy/haar *naam* op die *mediese rol bly*. Indien iemand *nie* hieraan voldoen nie, word so ’n persoon se *naam* van die rol *geskrap* en moet daar weer van meet af aan *aansoek* gedoen word om *erkenning* te verkry” (Prof Hennie Kruger, Durban, in ’n memo aan Dr C W Burger).

4. SAMEVATTEND

Die saak is dringend. Die vraag is of opleidingsinrigtings in Suid-Afrika nog genoeg tyd het om in hierdie verband te reformeer, herstruktureer en te herkurrikuleer om die ontstaan van teologiese opleiding binne gemeentes te voorkom of minstens te beperk?

’n Tweede vraag waarmee hierdie kort en voorlopige verkenning die kerk behoort te laat, is of dit die kerk se erns is om nie langer die sukses van voornemende predikante/leraars/pastors aan *trial and error* oor te laat en van gemeentes in ’n sekere sin “proefkonyne” te maak nie. Reformasie kan hier by een van sy wortels aangepak word?

5. AANBEVELINGS

5.1 Die sinode besluit om, in belang van die behoud van bedieningsbevoegdheid, voortgesette teologiese opleiding vir huidige predikante as verpligtend en afdwingbaar te beskou.

5.2 Die sinode besluit om so gou moontlik via SKG’s en sinodes die predikante te raadpleeg oor die beste en sinvolste wyse waarop hierdie verpligte en afdwingbare Voortgesette Teologiese Opleiding ingerig kan word.

5.3 Die sinode dra dit aan AKG en AKTO op om (moontlik d.m.v. 'n gesamentlike subkommissie) teen Februarie 2004 die ASK te dien met riglyne oor die uitvoering van hierdie besluit en die motivering daarvan onder die predikante van die NG Kerk.

5.4 Die sinode dra dit aan AKTO op om in oorleg met die kuratoria voort te gaan met dringende besinning oor die werwing, toelating en keuring van studente wat vir teologiese opleiding met die oog op vol- of deeltydse bediening in 'n gemeente binne die NG Kerk aanmeld. Die verpligte en afdwingbare karakter van voortgesette teologiese opleiding moet in hierdie verband in aanmerking geneem word.

8.2.2 Praktyk: NG Kerk-eie of NG Kerk-geakkrediteerde opleiding

In belang van die behoud van beroepsvaardigheid, beroepsgenot en beroepsbevoegdheid word aanbeveel dat predikante akademiese sowel as professionele krediete[14] verwerf.

As norm vir wat as krediete beskou word behoort die internasionale norm te geld van kontak met persone wat oplei (soos byvoorbeeld dosente) en met die materiaal waaroor die opleiding gaan. Elke tien (10) uur kontak met opleier en materiaal gee aan die leerder 1 (een) krediet. Baie predikante wil graag ook hierdie krediete vir verdere nagraadse studie aanwend. Om hierdie behoefte van die begin af aan te spreek word van akademiese en professionele krediete gepraat. Die enigste verskil is dat akademiese krediete slegs verwerf word wanneer aan gepaste en sinvolle vorme van evaluering deelgeneem word - soos byvoorbeeld die voorbereiding van werkstukke wat byvoorbeeld oor die bedieningswaarde van die materiaal en opleiding handel. Die vorm van evaluering sal voortdurend in oorleg met alle rolspelers uitgeklaar word om te verseker dat dit vir predikante gepas en sinvol is.

Uit die aard van die saak is daar meer kontak met die materiaal wanneer aan evaluering deelgeneem word.

Voorbeeld:
Wanneer iemand ŉ drie-dag kursus bywoon kan gemiddeld 15 uur se lesings ingepas word. Voeg hierby 15 uur se leeswerk en die skryf van ŉ taak en so ŉ persoon verwerf 3 akademiese krediete vir die 30 uur kontak met ŉ dosent en toepaslike en sinvolle evaluering. Hierdie krediete geld as akademies en as professioneel. Die persoon het dus drie krediete.

ŉ Ander persoon woon dieselfde kursus by, maar neem nie aan evaluering deel nie en was slegs 15 uur aan die “dosent” blootgestel. So iemand verwerf 1,5 professionele krediete en het dus 1,5 krediete.

Vir die huidige word die volgende in die vooruitsig gestel:

8.2.2.1 Predikante word in groepe (bereken volgens jare in die bediening) verdeel (hierdie verdeling hou verband met navorsing wat reeds in die tagtiger- jare aan die Universiteit Pretoria gedoen is):

- die eerste drie jaar in die bediening
- 4 tot 10 jaar in die bediening
- 11 jaar plus in gleuwe van 5 jaar.

8.2.2.2 Die totale aantal krediete word ook in ure uitgedruk om ŉ aanduiding van die tyd wat betrokke is te kry. Belangrik: Hierdie vereiste aantal krediete sluit byvoorbeeld die mentorprogram, sinodale konferensies en ander goedgekeurde opleiding in. In die lig van die feit dat teologiese fakulteite met herkurrikulering besig is en dat sekere “vakke” na die eerste drie jaar in die bediening mag oorskuif, word heelwat meer akademiese krediete vir hierdie gleuf voorsien.

8.2.2.3 ŉ Derde beginsel wat gebruik word is dat daar wel ook aan evaluering deelgeneem moet word. Die behoud van vaardigheid en bekwaamheid

[14] Gewoonlik CPD Units genoem: Continuing Professional Development Units

vra tog ook dat aan teologiese opleiding deelgeneem word. ŉ Kleiner persentasie van die krediete moet dus “akademies” van aard wees, bedoelende dat aan gepaste en sinvolle evaluering deelgeneem word.

8.2.2.4 Hoewel die detail nog uitgewerk moet word, word die beginsel aanvaar dat persone tydens byvoorbeeld nagraadse studie krediete verwerf. Dit geld ook die skryf van artikels in geakkrediteerde tydskrifte. Die VBO-forum werk ook aan ŉ billike sisteem waarvolgens ander instansies wat opleiding aanbied kan aansoek doen om akkreditering vir opleiding binne die VBO program van die NG Kerk.

8.2.2.5 Die VBO-Forum werk voortdurend aan kernwaardes vir hierdie program. Drie baie prominente en prioriteitswaardes is byvoorbeeld:

- Alle aanbiedinge, ook die akademiese, moet op die bediening van predikante gerig wees.
- Die missionêre verstaan van die gemeente en bediening is ŉ gegewe.
- Alle aanbiedinge moet die teologie in belang van die bediening integreer en koördineer.

8.2.2.6 Die VBO-Forum is in oorleg met die Algemene Kuratorium besig om ŉ kurrikulum vir die tydsgleuwe uit te werk. Hierdie aanbod sal in oorleg met alle rolspelers “voorlopig” gefinaliseer word. Die “spyskaart” word dan aan predikante gebied, met genoeg ruimte vir die behoefte aan bepaalde keuses.

Skematies kan die krediete wat verwag word (vir die loodsfase) soos volg voorgestel word:

Jare in bediening	**Aantal krediete per jaar en getal wat evaluering insluit**	**Aantal Ure per jaar***2
1 - 3 jaar	10 per jaar (waarvan 3 met evaluering*1)	100 uur per jaar
4 - 10 jaar	5 per jaar (waarvan 2 met evaluering)	50 uur per jaar
11+ jaar	5 per jaar (waarvan 3 met evaluering)	50 uur per jaar

*1 Bereken teen 1 Onderrig Eenheid (Akademiese Krediet) per 10 uur kontak met dosente en materiaal
*2 Die Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO en VTO) dek die hele spektrum van die teologie.

HOOFSTUK 9

DIENSVERHOUDINGE

9.1 KERKORDELIKE PLASING

Die diensverhouding tussen ’n leraar en ’n gemeente of die kerkverband word in artikel 12 van die *Kerkorde* 2004 bepaal:

Artikel 12

12.1	Predikante word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.
12.2	'n Predikant is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.
12.3	Die kerkvergadering gee aan die predikante die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effektief uit te voer.
12.4	Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering soos bepaal deur die *Kerkorde* en ander geldende besluite.
12.5	Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vgl. KO art. 6) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as predikant dien (vgl. voetnoot 1 by KO art. 3 en ook Reglement 3).
12.6	'n Predikant se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente.
12.7	Die betrokke kerkvergadering, soos bepaal deur die *Kerkorde* en ander geldende besluite, kan die dienste van 'n predikant in die volgende gevalle beëindig:
12.7.1	op grond van wangedrag (vgl. *Kerkorde*, hoofstuk 5);
12.7.2	op grond van onbekwaamheid of ongeskiktheid (vgl. 12b 2.2);
12.7.3	op grond van die gemeente of kerkverband se finansiële onvermoë (vgl. 12b 2.3).

9.2 ’N DUBBELE VERANTWOORDELIKHEID

Kerkorde 2004 Artikel 12 gee ’n besondere perspektief op ’n leraar se ampswerk. Hy/sy is naamlik deur God geroep, maar die ampswerk kry eers ’n ruimte wanneer hy/sy beroep en in ’n gemeente bevestig word (vgl. *Kerkorde* Artikel 4). Omdat hy/sy deur God geroep is, moet hy/sy die roeping so uitleef dat die Een wat roep met hom/haar tevrede is; maar hy/sy moet terselfdertyd ook verantwoording doen aan die instansie (kerkraad)[15] wat hom/haar in diens gestel het en van lewensonderhoud voorsien.

9.3 DIE DIENSVERHOUDING TUSSEN DIE KERKRAAD EN DIE LERAAR

Al is ’n leraar se ampswerk grootliks geestelik van aard en gerig op die uitbouing van ’n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie, is die omgewing waarin hy/sy werk wel deeglik ’n deel van hierdie wêreld. Die gevolg daarvan is dat ’n leraar se diens-verhoudinge, soos die geval van die diensverhoudinge van elke ander burger van die land, deur die betrokke statutêre vereistes bepaal word.

Die Algemene Sinode het in 2004 die verhouding tussen die kerk en die staat op die terrein van arbeidsverhoudinge beskryf. Hierdie formulering gee die agtergrond waarteen ’n leraar se diensverhoudinge hanteer moet word:

[15] Wanneer hier van ’n kerkraad as werkgewer gepraat word, word ook predikante in diens van die kerkverband bedoel.

6.	**Riglyne vir arbeidsverhoudinge**
1	Die beginsel van vryheid van godsdiens staan as *a priori* vas.
2	Die staat se reg om die burgerlike samelewing deur middel van wette te reguleer, word erken.
3	Die kerk aanvaar dat hy hom aan al die landswette onderwerp – maar dat hy 'n eie, Bybels-bepaalde inhoud gee vir die uitlewing van die sake wat in die wette gereguleer word.
4	Ten opsigte van diensverhoudinge het die kerk die reg om sy eie interne reëlings op te stel.
5	Hierdie reëlings, wat in die *Kerkorde* opgeneem word, moet die Bybelse beginsels as primêre vertrekpunt hê.
6	Praktiese riglyne vir die toepassing van diensverhoudinge word in die Bestuursgids vir diensverhoudinge opgeneem.
7	Die *Kerkorde* en Bestuursgids moet met arbeidswetgewing resoneer en minstens die minimumstandaarde van die wetgewing reflekteer.
8	Waar die kerk spesifieke behoeftes het waaroor die arbeidswetgewing se bepalings nie genoegsame duidelikheid of beskerming gee nie, kan hy sy eie reëlings bepaal.
9	Alhoewel kerkrade en ander kerkvergaderings as selfstandige werkgewers selfstandige besluite rakende diensverhoudinge kan neem, moet hulle steeds besef dat elke gemeente in die kerkverband ingebed is en dat hulle besluite nie die kerkverband in die verleentheid moet stel nie.

9.4 DOKUMENTE IN DIE DIENSVERHOUDING

'n Leraar se diensverhouding word uiteengesit in sy beroepsbrief (wat 'n voorlopige aanduiding van die diensverhouding gee, *Kerkorde* 2004 Artikel 7.4), en in sy diensooreenkoms[16] wat na onderhandeling tot stand kom (*Kerkorde* 2004 Artikel 7.6). Die diensooreenkoms moet saam met die gemeente se personeelbeleid gelees word, en al hierdie dokumente moet teen die agtergrond van die wetlike bepalings gelees word. Die belangrikste wetlike bepalings is in die Wet op Arbeidsverhoudinge (wet 66 van 1995) en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (wet 95 van 1997).

Dit is belangrik dat die leraar se diensooreenkoms van tyd tot tyd hersien moet word om vir aanpassings in behoeftes en verwagtinge voorsiening te maak.

9.5 BEGELEIDING VAN DIE LERAAR SE DIENS

Die kerkraad moet toesien dat 'n leraar se werk behoorlik gefokus is en dat hy 'n duidelike beeld van die kerkraad se verwagtings het. Die kerkraad se kommissie vir diensverhoudinge behoort gereeld (minstens jaarliks) saam met die leraar sy betrokke rol in die gemeente te bespreek en dan sy take in kort-, medium- en langtermyn aksies op te deel. Daar moet ook saam oor die realistiese uitkomste[17] (d.w.s. die werk wat wel verrig moet word) ooreengekom word. Hierdie uitkomste moet gereeld (verkieslik ongeveer kwartaalliks) gemoniteer word. Indien 'n kerkraad so 'n stelsel gebruik, bied dit aan die leraar baie sekuriteit aangesien hy nie met vae verwagtings werk nie, maar met duidelik bepaalde aksieplanne. Dit gee ook aan die kerkraad 'n geleentheid om verwagtinge te kommunikeer en om diensuitsette te moniteer. Enige probleme (bv. uitbranding) kan met so 'n gereelde kommunikasie oor verwagtings en uitsette op 'n vroeë stadium raakgesien word. Die moontlikheid van 'n plaaslike versorgings-kommissie (PVK), soos voorgestel in die Bedieningsvreugde-model kan ook oorweeg word. Die PVK is verantwoordelik vir die versorging van die persoonlike en geestelike welsyn van die predikant (en sy gesin).

[16] Voorbeelde van diensooreenkomste vir leraars is opgeneem in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge, hoofstuk 4.

[17] Voorbeelde van diensuitset-ooreenkomste is opgeneem in Hoofstuk 6 van die Bestuursgids vir Diensverhoudinge.

9.6 DISSIPLINE EN TUG

Die leraar staan ook hier in 'n dubbele verhouding[18]:

- Dit is die kerkraad wat hom/haar in diens stel en aan wie hy/sy verantwoordbaar is, en dit is dus ook die kerkraad wat die bepalings van die diensooreenkoms moet bestuur. Die kerkraad moet gevolglik ook self met sake soos onbevredigende werkuitsette handel en dit word volgens die gewone bepalings van die kerkraad se personeelbeleid doen.
- Aan die ander kant het die leraar 'n spesifieke bedieningsbevoegdheid wat deur die kerkverband aan hom/haar toegeken word en waaroor die kerkverband moet oordeel. Die kerkraad kan nie self besluite neem wat die predikant se bedieningsbevoegdheid raak sonder die betrokkenheid van die kerkverband nie. By name word enige ondersoek na die leer of lewe van 'n leraar glad nie deur die kerkraad nie, maar deur die betrokke ring hanteer (*Kerkorde* 2004 Artikel 62.2).

[18] Die begeleidende besluite by *Kerkorde* Artikel 12 bepaal die prosedures optredes rakende wangedrag, onbekwaamheid of moontlike uitdiensstelling weens finansiële onvermoë. Volgens hierdie prosedures word beweerde wangedrag van 'n leraar sonder meer na die ring verwys. Ondersoeke na moontlike onbekwaamheid of bedryfsvereistes word deur die kerkraad, in oorleg met die ring, gedoen. 'n Tugondersoek teen beweerde sondige optrede van 'n leraar word hanteer volgens die bepalings van *Kerkorde* 2004 Artikels 59 – 66.

HOOFSTUK 10

MOBILITEIT

10.1 INLEIDEND

Gemeentes raak gewoonlik vakant wanneer ’n predikant ’n beroep na ’n ander werkkring aanvaar, emeritaat aanvaar of wanneer die band tussen predikant en gemeente om een of ander rede losgemaak word.

Wanneer ’n vakature ontstaan word die gemeente in meer as een opsig ontwrig, veral kleiner gemeentes. Die neiging is gewoonlik om so ’n vakature so gou as moontlik te vul. Om meer as een rede is dit nie noodwendig die beste opsie nie. Hierdie tyd “tussen-in” behoort onder leiding van die verband en in belang van dit wat die beste vir die gemeente is, benut te word. Wat hier volg, is wenslike moontlikhede tydens ’n vakature en na die vulling van ’n vakature.

10.2 BRUG-PREDIKANT[19] OF -PASTORAAT

Die tyd van ’n vakature in ’n gemeente kan en behoort ’n groei- en leertydperk vir die gemeente te wees. Die uitdaging van die kerkverband is dus om in oorleg met gemeentes na te dink oor die mees doeltreffende benutting van die oorbruggingstyd. In die buiteland word vir jare reeds gebruik gemaak van “interim-pastors” om gemeentes gedurende vakatures te begelei – terwyl hulleself hoegenaamd nie vir beroeping in die vakature in aanmerking kom nie. Hierdie persone word deur die kerkverband gekeur en geakkrediteer.

Die term “brug-predikant” het in die Hoëveld Sinode sy ontstaan. Hierdie sinode is ook reeds besig om predikante wat in hierdie bediening belangstel, op te lei en aan gemeentes beskikbaar te stel.

Die brug-predikant begelei ’n gemeente vir ongeveer 9 tot 18 maande om tydens die vakature te besin oor identiteit, behoeftes, bestaansdoel en strategiese stappe vir die toekoms. Die doel is om die vakature in belang van die gemeente se missionêre toekoms te benut. Begeleiding tydens die vakature hou dus ten nouste verband met gemeentebou beginsels.

Dit is in belang van die gemeente dat die kerkverband in hierdie verband positiewe leiding neem en pro-aktief optree. Die aanvaarding van hierdie beleid behoort in die toekoms verreikende positiewe gevolge te hê vir gemeentes in tye van oorgang.

10.3 STANDPLAASVERWISSELING

Die Algemene Sinode het reeds in 1994 en weer in 2002 duidelike besluite oor hierdie moontlikheid van die verwisseling van predikante geneem. Die voorkoms van standplaasruilings is nog relatief min. Miskien is die proses te ingewikkeld. Moontlik is die sinvolle betrokkenheid van plaaslike gemeentes tot gemotiveerde deelname aan die keuse van “wie na ons toe kom” nog nie goed genoeg deurdink nie. Die moontlikheid hiervoor bestaan egter wel en dit kan volgens die *Kerkorde* gebeur.

[19] Vir ’n meer volledige bespreking van die “brug-predikant” sien Du Toit J H H en Nel M. 2005. Predikantsverwisseling en die brug-predikant. *PTSA* 20(1): 43-58.

20. OMRUILING VAN STANDPLASE

20.1 Besluite 1994

1. Leraars wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat ’n omruiling van standplaas begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.
2. Sodanige reëlings moet in ’n geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommissie voorgelê word.
3. Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ringskommissies goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.
4. Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die Kerk gegee.
5. Die bepalings ten opsigte van die bevestiging van ’n leraar in ’n gemeente is ook hier van toepassing. (Handelinge 1994, bl. 516, 14)

20.2 Besluite 2002

1. Die NG Kerk aanvaar steeds die beroepstelsel as die normale en gewensde praktyk vir die plasing en wisseling van predikante.
2. In die lig van navorsing (Kerkspieël 6) moet erken word dat die groot oorvoorsiening van leraars en weinig vakatures, veroorsaak het dat die beroepstelsel tans nie die nodige gesonde rotasie van predikante teweeg bring nie. Daar is dus behoefte aan ’n aanvullende meganisme wat gesonde wisseling kan help bevorder.
3. Die Algemene Sinode het reeds die beginsel van standplaasruiling goedgekeur as ’n aanvullende meganisme (vgl. o.a. 1994). Standplaasruiling as ’n aanvullende stelsel kan help om die huidige probleme te hanteer, mits dit as volg gewysig word:

3.1 Die Algemene Sinode benoem ’n kommissie met die bevoegdheid om die omruiling van leraarstandplaas met verskillende sinodale gebiede te inisieer, te onderhandel en te finaliseer. Die Algemene Sinode adviseer sinodes om kommissies binne die sinodale gebiede saam te stel wat standplaasruilings binne die streke kan inisieer, onderhandel en finaliseer. Die Algemene Kommissie word saamgestel met een verteenwoordiger van elke streeksinode. Die voorsitter van die AKPB tree op as sameroeper.

3.2 Die Algemene Sinode versoek die kommissie om binne die raamwerk van die volgende uitgangspunte riglyne op te stel vir die implementering van die stelsel:

3.2.1 *Roeping:* In die proses van standplaasverwisseling moet die roeping van die leraar en die werk van die Heilige Gees in ag geneem word. Hierdie proses word gesien as een van die maniere waarop die Here leraars na gemeentes kan roep.

3.2.2 *Bona fides*: Bedieningsvernuwing en persoonlike omstandighede dien (onder andere) as bona fide redes vir verwisseling. Die betrokke partye oorweeg die meriete van die saak. Dit gaan om bona fide redes vir verwisseling van standplase. Die proses mag bv. nie gebruik word om dreigende tughandeling te ontduik nie.

3.2.3 *Ooreenkoms*: Aangesien die leraar en kerkraad in ’n werksverhouding staan wat amptelik by wyse van *Kerkordelike* bepalings gereguleer word, sal dit in die handelinge rondom verwisseling van standplase verreken moet word. Die regte en voorregte van albei partye, die kerkraad en die leraar, sal in ag geneem moet word. Dit bied egter wel die geleentheid dat verwisseling by wyse van ooreenkoms gereël kan word (na analogie van Art.7 van die *Kerkorde* 1998). ’n Proses waarvolgens kerkrade en leraars ’n ooreenkoms tot verwisseling aangaan, waarvoor albei partye eienaarskap aanvaar, moet moontlik gemaak word.

3.2. *Verwisseling*: Die kerkverband en sinodale begeleiers dwing nie verwisseling af nie maar skep ’n geleentheid vir die partye tot verwisseling. Dit vervang nie die huidige beroepstelsel nie.

3.2.5 *Die Kerkverband:* Die kerkverband speel in die verband ’n bemiddelende en fasiliterende rol. Hier het ringe, sinodes en die Algemene Sinode elk ’n eie rol te vervul.

3.2.6	*Beroeping:* Die skriftelike ooreenkoms waartoe deelnemende partye kom om van standplaas te verwissel, is ’n geldige beroep en vereis nie ’n aparte beroepshandeling nie. Die ooreenkoms moet voor finale ondertekening vir twee agtereenvolgende Sondae vir approbasie aan die betrokke gemeentes voorgelê word. (Vgl. die analogie in Reglement 6: 3.1.3)
3.2.7	*Multilaterale verwisseling:* In gevalle waar ’n bilaterale passing nie bewerkstellig kan word nie, sou multilaterale passings oorweeg kon word.
3.3	Ter wille van die verdere ondersteuning van die nuwe stelsel versoek die Algemene Sinode die kommissie om ondersoek in te stel na ’n sisteem waarvolgens alle predikante na 7 jaar in ’n gemeente op ’n standplaasverwisselingslys kom. Die kommissie lewer hieroor verslag met aanbevelings aan die Moderamen in die interim. (Handelinge AS 2002, bl. 444: 7.3.1).

10.4 PLASING DEUR DIE KERKVERBAND

In talle denominasies met ’n meer biskoplike stelsel van kerkregering word die plasing van predikante (met of sonder enige vorm van beroeping) reeds vir baie jare sinvol gebruik. Hierdie moontlikheid behoort verder bestudeer te word. Tot tyd en wyl hieroor meer intensief nagedink is, word geen beleid hieroor gestel nie.

10.5 INSKAKELING (INDUKSIE) VAN ’N LERAAR BY ’N NUWE GEMEENTE

Wanneer ’n predikant na ’n gemeente beroep word, is daar baie sisteme waarvan hy/sy deel moet word. Van die kerklike sisteme is:

- medeleraarsisteem
- sisteem van kerklike amptenare binne die gemeente (administratiewe personeel, koster, orrelis, ens.)
- kerkraadsisteem
- gemeentesisteem
- sisteem van ringskollegas
- sisteem van sinodale werk en kollegiale sisteem binne die sinode.

Hoewel daar ’n sinvolle inskakelingsprogram (ook ‘n induksieprogram genoem) vir elk van bogenoemde sisteme uitgewerk kan word, word daar in hierdie verslag slegs enkele opmerkings gemaak oor die inskakeling van ’n leraar by sy/haar medeleraars.

Elke gemeentesisteem funksioneer uniek en daarom sou dit onvanpas wees om ’n vaste raamwerk op te stel waarbinne so ’n inskakelings-proses moet plaasvind. Die volgende dien dus as riglyne waarbinne so ’n inskakelingsproses kan plaasvind:

10.5.1 Eilandsituasie

Dit is goed dat die nuwe predikantspan so gou as moontlik (selfs nog voor die bevestiging) vir ten minste twee dae na ’n eilandsituasie sal onttrek om mekaar in ’n ontspanne atmosfeer beter te leer ken. Indien dit moontlik is sal dit goed wees as die predikante se lewensmaats deel kan wees van hierdie proses.

10.5.2 Die gebruik van ’n buitepersoon om die proses te fasiliteer

Hoewel een of meer van die kollegas in die nuwe span die proses sou kon fasiliteer, is dit goed om van ’n vaardige buite-persoon gebruik te maak. Dit

plaas die medeleraars op ’n gelyke voet en elkeen in die span kan in die proses leer en groei.

10.5.3 Die ontwerp van ’n intensionele bediening

Die volgende sake is van belang wanneer daar oor die bediening in gemeenteverband gepraat word:

10.5.3.1 Gemeente

1 Konteks
2 Verhaal
3 Visie
4 Waardes
5 Model
6 Fokusse
7 Prosesse
8 Organiseringspatrone
9 Medewerkers

10.5.3.2 Personeel

1 Lewensverhaal
2 Passie
3 Gawes
4 Persoonlikheid
5 Roepingsverstaan

10.5.4 Praxis

10.5.4.1 Gesamentlike opstel van doelwitte

Omdat dit ’n oop proses is moet elkeen teenwoordig kans kry om sake op die tafel te sit waaroor gepraat moet word. Gesamentlike doelwitte vir die proses word dan opgestel. Die volgende kan dien as voorbeeld van doelwitte:

1 Om mekaar se persoonlikhede te verstaan.
2 Om mekaar se geloofsstyle en spiritualiteit te verstaan.
3 Om mekaar se lewensverhale te hoor.
4 Om die gemeentestorie beter te leer ken.
5 Om die dorp/gemeenskap se storie beter te leer ken.
6 Om spanwerk te bevorder.
7 Om groter helderheid oor werksverdeling te bereik.
8 Om koinonia te ervaar.

10.5.4.2 Die vertel van stories

In die proses is dit belangrik dat die volgende stories vertel word:

10.5.4.2.1 Die vertel van lewensverhale

Hier is dit belangrik dat elke predikant sy eie lewensverhaal sal vertel. Die volgende vrae kan gevra word:

1 Vertel jou persoonlike verhaal – van jou geboorte af.

2 Wie was die belangrike rolspelers in jou lewe en hoekom was hulle dit?

3 Vertel iets van jou roeping om predikant te word.

4 Wat is jou vrese?

5 Waarvan hou jy?

6 Wat is jou passie?

10.5.4.2.2 Die vertel van die gemeentestorie

Die "ou" predikante kry die geleentheid om die gemeente se storie aan die "nuwe" dominee te vertel. Dit sal goed wees as die storie soos wat dit ontvou in tydstabel neergeskryf kan word. Dit moet so deeglik moontlik gedoen word. 'n Manier wat sou kon werk is om vir elke "ou" predikant plakpapiertjies uit te deel waarop hulle een feit per papiertjie neerskryf. As almal klaar geskryf het kry hulle die geleentheid om die plakkertjies in die korrekte tydgleuf te plak. Daar mag oorvleueling wees, maar gewoonlik is dit verrykend as daar uit verskillende hoeke na dieselfde saak gekyk word.

Die gemeenskap se storie en selfs die land/wêreld se storie kan in 'n tweede kolom ingevul word. Dit is baie keer verrassend om te sien hoe die Here in moeilike tye in die land of wêreld se geskiedenis juis in die kerk se storie 'n verrassende wending bring. So word die gemeentestorie meer as net die mislukkings en prestasies van die gemeente. Dit word 'n "veelkleurige tapisserie van gebeure waardeur God die identiteit van die gemeente gevorm het". (Draers van hoop, vd Merwe en Marais,2001, bl. 21.)

Tyd	**1960-1970**	**1971-1980**	**1981-1990**	**1991-2000**	**2001- …**
Gemeentestorie					
Wêreld- en gemeenskapstorie					

Dit kan ook sinvol wees om die gemeentestorie aan die hand van die onderstaande sketse te vertel. Volgens Rendle (Leading change in the congregation p138-142) beweeg elke gemeente in 'n kurwe van:

1 droom

2 geloofsoortuigings

3 doelstellings

4 struktuur

5 bedieninge

6 nostalgie

7 bevraagtekening

8 polarisasie

9 uitval.



Wanneer daar nie ’n nuwe droom vanuit die bedieninge ontstaan nie, beweeg die gemeente na nostalgie en uiteindelik die dood. Die koms van ’n nuwe predikant is gewoonlik ’n goeie inspuiting om ’n nuwe droom te begin droom.



10.5.4.3 Die gebruik van meetinstrumente

Hoewel ’n meetinstrument ’n bruikbare instrument is om byvoorbeeld ’n persoonlikheidsprofiel op te stel, moet daar steeds in gedagte gehou word dat elke instrument sy eie beperkings het en dat dit baie maklik mense onregverdiglik in kassies kan plaas. Geen instrument kan klinkklare uitsprake oor mense se persoonlikheid maak nie. As dit korrek gebruik word, kan dit vir kollegas ’n aanduiding van mekaar se persoonlikheidsamestelling gee. Dit help ook dat kollegas mekaar beter verstaan en begrip het hoekom iemand optree soos wat hy optree. Van die instrumente waarvan onder andere gebruik gemaak kan word is:

1 Myers Briggs Type Indicator (MBTI)

2 IIS en GBS skale van “Perspektief in Menswees”

Ook die *Verskillende Geloofstipe*-vraelys wat deur Riaan van der André Bartlett (albart@telkomsa.net of 083 274 5745)Merwe ontwikkel en deur Fika van Rensburg in 1996 verwerk is, is ’n bruikbare instrument om mekaar se spiritualiteit beter te verstaan.

Daar moet daarteen gewaak word om nie te veel vraelyste/toetse in hierdie proses te gebruik nie.

10.5.4.4 Kontraktering met die oog op die toekoms

Die inskakelingsproses van ’n nuwe predikant bied ook ’n waardevolle geleentheid om waardes ten opsigte van hulle toekomstige verhouding en samewerking met mekaar te kontrakteer.

Die volgende sou as ’n voorbeeld kon dien:

Die predikante wil graag in ’n span wees waarin die volgende gebeur:

1 *Die span visioneer deurlopend:*

1.1 deur weeklikse byeenkomste by huise;

1.2 deur gereelde wegbreekgeleenthede t.w.v. makro beplanning (twee keer per jaar) te reël.

2 *Die span is oop met mekaar:*

2.1 deur gereelde kopskoonmaak-sessies te reël;

2.2 deur eerlik vir mekaar te sê as iets pla.

3 *Die spanlede gee vir mekaar om:*

3.1 deur by mekaar se huise te kuier;

3.2 deur vir mekaar te bid;

3.3 deur mekaar se lief en leed te vier;

3.4 deur begrip te hê vir mekaar se menslikheid.

4 *Die span beskerm mekaar:*

4.1 deur as daar ’n probleem is, die ander onmiddellik in te lig;

4.2 deur verskille in opinie onderling te hanteer en nie in die openbaar nie;

4.3 deur vir mekaar in te staan wanneer nodig.

HOOFSTUK 11

EMERITAAT

11.1 INLEIDEND

11.1.1 ALGEMEEN

Die vraag word dikwels gevra oor wanneer 'n mens die piek van jou produktiwiteitspeil bereik. Oor die algemeen word in die besigheidswêreld aanvaar dat 'n persoon sy merk voor of op die ouderdom van 40 jaar moet maak, want daarna begin jy stelselmatig gereed maak vir aftrede – so asof 'n mens by aftrede nie meer produktief kan wees nie. Die geskiedenis leer ons egter 'n ander les:

1 **Moses** was 'n ou man van 80 jaar en sy broer Aäron 83 toe die Here hulle geroep het om met die farao in Egipte te gaan praat (Eksodus 7:7) en die Israeliete uit te lei na die beloofde land toe.
2 **Sokrates** het sy beste filosofie geformuleer op 70 jaar – en daarna ook nog geleer om verskeie musiekinstrumente te bespeel.
3 **Michelangelo** het op 90 jaar op sy rug op 'n steierwerk gaan lê en die koepel van die Sistynse kapel geskilder.
4 **Verdi** was 85 jaar toe hy die beroemde *"Ave Maria"* gekomponeer het.
5 **Goethe** het sy *"*Faust*"* op 82 jaar voltooi.
6 Hierby kan nog verskeie ander voorbeelde genoem word: **Plato** (op sy beste op 60+); **Cato** (begin op 80 Grieks studeer); **Strauss** (komponeer steeds ernstig na 80); **Haydn** (komponeer sy *"The Creation"* na 67); **Titian** (skilder steeds beroemde werke op 98); **Voltaire** (voltooi sy meesterstuk op 84); **Webster** (skryf sy monumentale woordeboek op 70).

Gevolgtrekking:

Hierdie, en vele ander soortgelyke voorbeelde, getuig daarvan dat die mens se produktiwiteitspeil nie met ouderdom gemeet kan word nie. Inteendeel – deur harde lewenservaring alleen leer die mens sekere lewensvaardighede en persoonsvermoëns aan wat alleen met verloop van tyd kan gebeur. 'n Ryper ouderdom beteken daarom ook ryper lewenservaring.

11.1.2 KERKORDELIK

Die volgende Kerkordelike bepalings geld tans met betrekking tot die predikant en sy diensbeëindiging (slegs die tersaaklike gedeeltes uit *Die Kerkorde* 2004 word aangehaal):

Artikel 11

Predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die Algemene Regskommissie verlof ontvang om hulle bevoegdheid as predikant te behou. Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die NG Kerk geag word.

Artikel 13

Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy/haar lewensonderhoud (of in geval van deeltydse bediening vir die kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes).

Artikel 14

Wanneer bedienaars van die Woord weens verswakte gesondheid of ouderdom of andersins uit die diens tree en as hulle daarvoor kwalifiseer, moet hulle toelae ontvang volgens die bepalinge van die betrokke reglement. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwees en wese van die bedienaars van die Woord.

3. REGLEMENT VIR DIE REËLING VAN DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE EN PREDIKANTE

3.2. DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE

3.2.6 Emeriti wat ingevolge KO Artikel 14 uit diens getree het, behou die bevoegdheid om predikant te wees. Ter wille van die behoorlike instandhouding van die Bevoegdheids-register moet sodanige persone jaarliks voor 30 Junie kennis gee aan die ARK.

Gevolgtrekking:

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat 'n predikant na aftrede die bedieningsbevoegdheid van predikant behou en dat dit die gemeente/ kerkverband se verantwoordelikheid is om saam met die leraar doelmatige finansiële voorsiening te maak vir die versorging van die leraar en sy eggenote na aftrede.

11.1.3 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Wat besluite van die Algemene Sinode betref, die volgende:

By die Algemene Sinode van 1978 het die Sinode van Suid-Transvaal die volgende beskrywingspunt ingedien, wat deur die Algemene Sinode goed-gekeur is (Handelinge bls. 939 – pt. 9):

"In die lig van die hoë eise wat die bediening aan 'n evangeliedienaar stel, besluit die Algemene Sinode dat alle leraars (in gemeentelike en sinodale diens) nie later nie as op ouderdom 70 (sewentig) jaar sal emeriteer."

By die Algemene Sinode van 1982 word die aftree-ouderdom van leraars van gemeentes en predikante in sinodale diens op 65 gestel met die opmerking dat hierdie reëling slegs betrekking het op persone wat na 1 April 1983 in diens van die kerk tree (Handelinge bls. 1139 – pt. 6). Die volgende besluit is ook tydens hierdie sinode goedgekeur (Handelinge bls. 1278 – pt. 16):

"Die sinode dra dit aan die AKDB op om ondersoek in te stel na die wenslikheid vir 'n kursus om predikante en ander ampsdraers, 'n geruime tyd voordat hulle uit amptelike kerkdiens 'uittree' van inligting sal voorsien wat hulle in staat sal stel om sinvolle beplanning vir daardie laaste jare te doen".

By die Algemene Sinode van 1986 het die Sinodale Kommissie van die OVS 'n beskrywingspunt ingedien wat vra om regsadvies oor die afdwingbaarheid van 65 jaar as aftree-ouderdom op alle predikante wat voor en na 1983 in diens getree het. Hierop het die sinode besluit (Handelinge bls. 712 – pt. 64):

- Die aftree-ouderdom van alle leraars van gemeentes, predikante in sinodale diens en aan inrigtings verbonde, word op 65 jaar gestel.
- 'n Leraar wat die ouderdom van 65 jaar bereik, mag vir hoogstens ses maande na bereiking van sy 65ste verjaarsdag en met toestemming van die betrokke kerkvergadering/kommissie in sy diens aanbly.
- Vir leraars soos in 1 genoem, wat op die oomblik 65 jaar of ouer is, word die volgende tussentydse reëling getref: hulle word verplig om binne een jaar vanaf 1 November 1986 af te tree.
- Die verpligte aftrede van leraars soos in 1-3 bepaal, is ondergeskik aan die beperking soos in punt 5 bepaal.
- Die sinodes moet toesien dat die bepalinge van die beroepsbrief by bogenoemde besluite aangepas word. Waar beroepsbriewe vir leraars wat tans in die bediening is 'n hoër aftree-ouderdom by hulle beroep en aanvaarding daarvan bepaal het, moet die bindende kontraktuele ooreenkoms wat daarmee ontstaan het, eerbiedig word. Dit staan 'n kerkvergadering/kommissie egter vry om met sulke leraars wat 65 jaar of ouer is, in gesprek te tree en tot 'n vergelyk te kom wat deur albei partye skriftelik aanvaar moet word.

Tydens die Algemene Sinode van 1990 rapporteer die AKDB in sy aanvullende verslag oor die Algemene Bedieningsfonds dat in 'n ondersoek bevind is dat die meerderheid van predikante tussen die ouderdom van 60 tot 65 jaar wil emeriteer (Handelinge bls. 482 - pt. 1.6).

Sedert 1990 is daar nie spesifieke besluite in verband met die aftrede van leraars geneem nie.

Gevolgtrekking:

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die neiging bestaan dat leraars al vroeër wil aftree – en dat hulle selfs al op die ouderdom van 60 jaar geregtig is op aftrede. Geen besluite is egter geneem in verband met hulle verdere versorging of amptelike betrokkenheid by die kerk nie. Van die voorgestelde kursus in 1982 het daar ook nie weer sprake gekom nie.

11.1.4 SINODALE PENSIOENFONDSE SE BEPALINGE

Die bepalings van die Sinodale Pensioenfonds van die NG Kerk in die OVS (wat, sover vasgestel kon word, verteenwoordigend van al die Sinodale pensioenfondse is) is nagegaan en die volgende kan aangeteken word:

11.1.4.1 Die doel van die fonds is om aan pensionarisse 'n eenvormige voordeel, gebaseer op 'n eenvoudige traktementskaal, in die verskillende Sinodale Pensioenfondse na te streef.

11.1.4.2 Elke gemeente/sendingkommissie/inrigting van die kerk is 'n verpligte deelhebber aan die fonds vir elkeen van sy predikante.

11.1.4.3 'n Lid kan by die bereiking van die ouderdom van minstens 60 jaar aansoek doen om pensioenvoordele (op 55 jaar reeds vir verminderde pensioenvoordele).

11.1.4.4 Indien die lid na die bereiking van aftree-ouderdom steeds in diens bly, word betaling van pensioenvoordele uitgestel totdat die persoon werklik aftree. Die tydperk wat die lid na bereiking van die aftree-ouderdom in diens bly, word as pensioengewende diens gereken. Wanneer die lid se pensioen by werklike aftrede bereken word, word dit ooreenkomstig die pensioenskaal bereken.

11.1.4.5 Dit is noodsaaklik dat elke pensionaris ten volle op hoogte is van sy/haar betrokke pensioenreglement.

11.1.5 INLIGTING BEKOM UIT PERSOONLIKE GESPREKKE MET AFGETREDENES

Uit persoonlike gesprekke wat met talle afgetredenes (uit verskeie beroepe) gevoer is, kan die volgende opmerkings gemaak word:

11.1.5.1 Die predikant moet deur die gemeente en kerkverband gelei word in die bepaling van die geskikte tyd van aftrede, sodat die predikant so lank as moontlik maksimale diens binne die bediening kan lewer.

11.1.5.2 Aftrede moet vooraf deeglik beplan word – finansieel en andersins. Ingeligte besluite moet geneem word.

11.1.5.3 Finansiële beplanning moet vroeg in die beroepslewe al begin en in intensiteit toeneem namate die tyd van aftrede nader kom, om te verseker dat die pensionaris en sy/haar afhanklikes sonder finansiële kommer kan lewe.

11.1.5.4 Aftrede moenie beskou word as ’n tyd van ledigheid en niksdoen nie – die bekende spreekwoord lui immers: “ledigheid is die duiwel se oorkussing”. Daarom moet aftrede so beplan word dat die pensionaris steeds kreatief besig sal wees na aftrede – en indien moontlik sal dit as ’n bonus beskou kan word as hierdie kreatiwiteit ook ekonomies ’n aanvullende inkomste vir die pensionaris kan genereer.

11.1.5.5 Die plek van aftrede moet ook deeglik beplan word.

11.1.5.5.1 In hierdie verband moet veral die beskikbaarheid van mediese geriewe in ag geneem word.

11.1.5.5.2 Oorweging moet ook geskenk word aan die beskikbaarheid van versorging in die ouderdomsfase van verswakking.

11.1.5.5.3 Onthou die spreekwoord: “ou bome verplant nie maklik nie” – wanneer iemand lank in ’n bepaalde area gewoon en gewerk het, moet daar twee keer gedink word voor daar na ’n nuwe en onbekende area verhuis word. Besigheidskontakte en vriendekringe word nie oornag gevestig nie.

11.1.5.5.4 Dit moet aangetoon word dat dit nie wenslik is dat die afgetredene in die laaste gemeente/werkkring waarin hy/sy gedien het, vestig na emeritaat nie.

11.1.5.6 Na aftrede moet die predikant steeds op hoogte bly van verwikkelinge in die kerk, sonder om daarmee ’n onnodige ekstra las of spanning op die pensioenaris te laai. Die pensionaris kan veral betrek word in informele samekomste van dienende predikante en kan gerus deur die uitstuur van agendas uitgenooi word na vergaderinge van die kerkverband. Waar moontlik kan gepensioeneerdes op vrywillige basis betrek word in werk-saamhede van kommissies, taakspanne, ensovoorts van die kerk.

11.1.5.7 Daar moet gewaak word teen die uitbuiting van pensionarisse as "goedkoop arbeid" in die gevalle van aflos – gee die arbeider wat hom/haar toekom!

11.2 ROL VAN DIE GEMEENTE

11.2.1 VERLENING VAN EMERITAAT

Dit is die taak van die gemeente/kerkverband, as werkgewer, om emeritaat te verleen aan die leraar. Sodanige emeritaat moet egter eers na deeglike konsultasie met en begeleiding van die leraar en met die instemming van die ring/meerdere kerkverband verleen word. Vooraf het die gemeente/ kerkverband die verantwoordelikheid (en hieroor moet gedurende die laaste 5 jaar van die leraar se dienstyd jaarliks aan die ring/kerkverband verslag gedoen word) om die leraar toe te rus vir aftrede (d.m.v. kursusse, voorligting en toerusting). Spesiale aandag moet verleen word aan:

- Die geskikte tyd vir aftrede.
- Finansiële sekuriteit na aftrede.
- Aktiwiteite na aftrede.
- Vestiging na aftrede.
- Betrokkenheid by die kerk na aftrede.

11.2.2 HERONTPLOOIING NA AFTREDE (KREATIEF EN EKONOMIES BESIG BLY)

Die gemeente waarin die pensionaris hom/haar vestig, moet spesiale moeite doen om die afgetredene te betrek in die gemeentelike aktiwiteite. Voorkeur behoort aan die afgetredene verleen te word wanneer daar byvoorbeeld na aflos-predikers gesoek word (teen die normale vergoeding natuurlik).

11.3 ROL VAN DIE RING

11.3.1 GOEDKEURING VAN EMERITAAT

Geen persoon behoort te emeriteer voordat die betrokke ring goedkeuring daarvoor verleen het nie. Die ring/kerkverband kan eers toestemming tot emeritaat verleen nadat bevredigende antwoorde op die punte genoem in 11.2.1 verskaf is. Dit is die verantwoordelikheid van die ring om die gemeente/ werkverband van die leraar te begelei in die voorbereiding van die betrokke leraar vir emeritaat.

11.3.2 PRIMÊRE VERANTWOORDELIKHEID VIR TOESIG

Dit hoort tot die verantwoordelikheid van die ring om toesig te hou dat emeriti wat binne die grense van die ring vestig, behoorlik kerklik opgeneem is in die tuisgemeente. Ringe moet ook pastoraal omsien na die geestelike en fisiese welsyn van emeriti en hul eggenote. Emeriti moet sover moontlik betrek word by informele byeenkomste en selfs by werkswinkels van leraars in die ring en hulle moet ook op hoogte gehou word van verwikkelinge in die kerkverband.
Emeriti kan deur die uitstuur van agendas genooi word om ringsvergaderings as waarnemers en selfs ook adviserend by te woon, en kan op vrywillige grondslag in kommissies en taakspanne van die ring betrek word ter wille van hul kundigheid en lewenservaring.

11.4 ROL VAN DIE SINODE

11.4.1 PENSIOENFONDS EN MEDIESE FONDS

Dit is die verantwoordelikheid van die sinode om toe te sien dat doelmatige fondse effektief bestuur word om volgehoue finansiële sekuriteit vir emeriti te verseker wat pensioen en medies betref. Sinodale kantore neem dan ook verantwoordelikheid vir die behoorlike administrasie van hierdie fondse namens emeriti.

11.4.2 KONTAK EN BETROKKENHEID

Sinodale kantore moet sover moontlik daarna streef om kontak met alle emeriti in die sinodale streek te behou deur die formele administrasie van die pensioen- en mediesefondse, asook deur die informele uitstuur van omsendbriewe, inligtingstukke en uitnodigings na sinodale aktiwiteite en vergaderings.

11.5 ROL VAN DIE ALGEMENE SINODE

11.5.1 BEPALING VAN AFTREE-OUDERDOM

Dit hoort tot die taak van die Algemene Sinode om aan die hand van wetenskaplike navorsing en na gelang van die bepaalde tydsomstandighede voortdurend te besin, te besluit en leiding aan die kerkverband te gee oor die geskikte aftree-ouderdom van leraars.

11.5.2 BEPLANNING VAN AFTREDE

Die Algemene Sinode neem leiding in die lewering van insette om via die onderskeie streeksinodes die nodige hulp en ondersteuning te bied aan leraars met die oog op emeritaat – veral gedurende die laaste 5 jaar van hulle bediening.

11.5.3 UITNODIGING NA VOORTGESETTE BEDIENINGS-ONTWIKKELING

Emeriti moet na voortgesette bedieningsontwikkeling-kursusse genooi word om hulle in staat te stel om op hoogte van die jongste teologiese debat en ontwikkelinge te bly. Emeriti se preekvergunning behoort hiervan afhanklik gemaak te word.

11.5.4 SENTRALE REGISTER

Dit hoort tot die taak van die Algemene Sinode om ’n sentrale register in oorleg met die bevoegdheidsregister in stand te hou vir alle emeriti waarin alle kwalifikasies verwerf en bedieningsmobiliteit (gemeentes waarin gedien is, ensovoorts), datum van aftrede, adres van vestiging na aftrede en jongste adres, asook ander ter saaklike inligting, insluitend in memoriam, aangeteken word.